


# Gedeelde ervaringe van orkeslede in die Con Amoré–orkes: ’n fenomenologiese benadering

**Leonora Human**

Studentenommer: 22772065

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Musicae* in Musiekwetenskap aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. H.M. Potgieter

Medestudieleier: Dr. L. van der Merwe

November 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

## DANKBETUIGINGS:

- My Hemelse Vader wat my die vermoë en die passie gee om my liefde vir musiek daagliks uit te leef.
- My man Eugene en seun Lourens vir hulle liefde, bystand en aanmoediging.
- My ouers vir hul gebede, liefde en lewenslange ondersteuning
- My skoonouers, familie, vriende en kollegas vir hul bemoedigende woorde en oproepe.
- Prof Hetta Potgieter vir haar geloof in my asook haar bereidwilligheid om altyd behulpsaam te wees met raad en daad op haar rustige en wyse manier.
- Dr Liesl van der Merwe vir haar motivering en aansteeklike entoesiasme oor navorsing en die uitbreiding van kennis.
- Die Con Amoré-orkeslede vir hul bereidwilligheid om aan die studie deel te neem.

## Opsomming

Hierdie transendentale fenomenologiese studie beskryf die betekenis wat die Con Amoré-orkeslede uit hul gedeelde ervaringe put. Die orkes is gevestig by Hoërskool Drie Riviere in Vereeniging en bestaan uit een-en-dertig graad ses tot twaalf leerders woonagtig in die Vaaldriehoek. Die filosofiese wêreldbeskouing van hierdie skripsie is interpretivisties en die doel daarvan is om die gedeelde ervaringe van die orkeslede te beskryf, te verstaan en te interpreteer. Daar is ’n deeglike literatuurstudie gedoen om die agtergrond van die studie te skets. Dit is ’n kwalitatiewe studie waardeur data versamel is deur oop-einde onderhoude met die orkeslede te voer. Daarna is die getranskribreede onderhoude deur die navorser op die rekenaarprogram ATLAS.ti 7 ingevoer. Deur die aanhalings uit die onderhoude te kodeer en die kodes te kategoriseer het die volgende ses temas na vore gekom, naamlik omgee, betekenisvolheid, persoonlike ontwikkeling asook ontwikkeling van vaardighede, negatiewe ervaringe, dissipline en genot. Die implikasie van die studie is dat dirigente, orkesbestuurders en onderwysers wat jeugorkeste en ensembles afrig kan baat vind by die navorsing en dat dit kan bydra tot die sukses van die groep. My aanbevelings vir verdere studie is dat ’n soortgelyke fenomenologiese studie gedoen kan word van die ervaringe van orkeslede in professionele orkeste, die ervaringe van musiekonderwysers wat musiek as vak vir grade tien tot twaalf aanbied, asook die ervaringe van leerders wat musiek as een van hul vakke neem.

**Sleutelwoorde**: orkes, orkeslede, leerders, dirigent, betekenis, gedeelde ervaringe en fenomenologie.

## Abstract

The theme of this transcendental phenomenological study is to describe the meaning that the Con Amoré orchestra members ascribe to their shared musical experiences. The orchestra is based at Hoërskool Drie Riviere in Vereeniging and has thirty-one grade six to twelve learners residing in the Vaal Triangle. A thorough literature study was done to sketch the background of the study. The philosophical world view of this mini-dissertation is interpretivistic and the purpose has been to describe, understand and interpret the shared experiences of the orchestra members. It is a qualitative study whereby data are collected through open-ended interviews with the orchestra members. The transcribed interviews were transferred by the researcher to the computer programme ATLAS.ti 7. The interviews were analysed. Quotes were coded and codes were categorised until the following six themes emerged: care, meaning, personal development as well as development of skills, negative experiences, discipline and enjoyment. The implication of this study is that conductors, orchestra managers and teachers conducting and directing youth orchestras and ensembles can benefit from the research and it can add to the success of the group. My suggestions for further study are that a similar phenomenological study be done on the experiences of members of professional orchestras, the experiences of music teachers who teach music as a subject for grades ten to twelve, as well as the experiences of learners who have music as one of their a school subjects.

**Keywords:** orchestra, orchestra members, learners, conductor, meaning, shared experiences and phenomenology.

**Inhoudsopgawe**

DANKBETUIGINGS: i

Opsomming ii

Abstract iii

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING 1

1.1 Inleiding 1

1.2 Navorsingsvrae 2

1.2.1 Hoofnavorsingsvraag 2

1.2.2 Sub-vrae 2

1.3 Moontlike beperkinge van die studie 3

1.4 Navorsingsmetodes 3

1.5 Rol van die navorser 3

1.6 Deelnemers 4

1.7 Data-insamelingsmetodes en data analise 4

1.8 Waarde van die studie 4

1.9 Betroubaarheid 5

1.10 Etiek 5

1.11 Hoofstukindeling 5

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE 6

2.1 Inleiding 6

2.2 Betekenisvolle ervaringe 6

2.3 Orkeslede voel hulle behoort 7

2.4 Musiek wek gevoelens op 7

2.5 Musiekbeoefening inspireer mense 8

2.6 Emosies 8

2.7 Musiek as kommunikasie-middel 9

2.8 Sosiale belewing in die orkes 10

2.9 Rolspelers van 'n skoolorkes 12

2.9.1 Die leerder 13

2.9.2 Die dirigent 15

2.9.3 Die onderwysers 16

2.9.4 Die ouers 17

2.10 NASIONALE EN INTERNASIONALE JEUGORKESTE 18

2.10.1 Internasionale jeugorkeste 18

2.10.2 Nasionale jeugorkeste 20

2.11 Samevatting 22

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP ..... 23
3.1 Inleiding ..... 23
3.2 Karaktereienskappe van kwalitatiewe navorsing ..... 23
3.2.1 Wêreldbeskouing: Interpretivisties ..... 23
3.2.2 Navorsingsontwerp: Kwalitatief ..... 23
3.2.3 Navorsingsbenadering: Fenomenologie ..... 24
3.2.3.1 Transendentale fenomenologie ..... 24
3.2.3.2 Hermeneutiese fenomenologie ..... 25
3.3 Rol van die navorser ..... 25
3.4 Navorsingsmetodes ..... 26
3.4.1 Data-insameling ..... 26
3.4.2 Data-analise en -interpretasie ..... 28
3.5 Betroubaarheid ..... 31
3.6 Deelnemers ..... 31
3.6.1 Profiel van die Con Amoré-orkes ..... 32
3.6.2 Geskiedenis van die Con Amoré-orkes ..... 36
3.7 Etiek ..... 39
3.8 Samevatting ..... 40
HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE ..... 41
4.1 Inleiding ..... 41
4.2 Temas ..... 41
4.2.1 Tema 1: Omgee – “ons is altyd daar vir mekaar” ..... 42
4.2.2 Tema 2: Betekenisvolheid – “dit beteken eintlik iets” ..... 44
4.2.3 Tema 3: Ontwikkeling ..... 46
4.2.3.1 Tema 3.1:Persoonlike ontwikkeling – “my selfvertroue verbeter” ..... 46
4.2.3.2 Tema 3.2: Ontwikkeling van vaardighede: “altyd iets oor en oor gedoen totdat ons dit regkry” ..... 48
4.2.4 Tema 4: Negatiewe ervaringe – “ek was so onseker” ..... 50
4.2.5 Tema 5: Dissipline – respek en ordelikheid in die orkes ..... 52
4.2.6 Tema 6: Genot – “daar is niks wat ek nie geniet nie” ..... 53
4.3 Samevatting ..... 55
HOOFSTUK 5: BESPREKING, UITKOMSTE EN GEVOLGTREKKINGS ..... 56
5.1 Inleiding ..... 56
5.2 Gevolgtrekkings ..... 56
5.2.1 Omgee ..... 58
5.2.2 Betekenisvolheid ..... 58

5.2.3 Ontwikkeling ... 59
5.2.3.1 Ontwikkeling: persoonlik ... 59
5.2.3.2 Ontwikkeling: vaardighede ... 60
5.2.4 Negatiewe ervaringe ... 61
5.2.5 Dissipline ... 61
5.2.6 Genot ... 61
5.3 Implikasies en beperkinge van die studie ... 62
5.4 Aanbevelings vir verdere studies ... 62
5.5 Afsluiting ... 62
BIBLIOGRAFIE ... 63
BYLAES ... 70
Bylae A: Toestemmingsbriewe ... 70
A.1 Toestemmingsbrief van die orkeslid ... 70
A.2 Toestemmingsbrief van die ouer ... 72
A.3 Toestemmingsbrief van die dirigent ... 74
A.4 Toestemmingsbrief van die skoolhoof ... 76
Bylae B: Getranskribeerde onderhoude en kodering op die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram 78
Bylae C: Kodelys geneem uit die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram ... 79

LYS VAN FIGURE


Figuur 1: Breinkaart van die literatuurstudie ...... 6

Figuur 2: Kommunikasie tussen die rolspelers van die orkes. ...... 12

Figuur 3: Uiteensetting van die nasionale en internasionale orkeste wat gekies is ...... 18

Figuur 4: Navorsingsraamwerk aangepas uit Creswell (2009:5) ...... 29

Figuur 5: Die essensie van die fenomeen volgens transendentale fenomenologiese navorsing van Creswell (2013:80) ...... 30

Figuur 6: Musiekgrade van die 31 orkeslede ...... 32

Figuur 7: Skoolgrade van die 31 orkeslede ...... 32

Figuur 8: Instrumente wat deur die 31 orkeslede bespeel word ...... 33

Figuur 9: Tale van die 31 orkeslede ...... 34

Figuur 10: Rassegroepe van die 31 orkeslede ...... 34

Figuur 11: Vloerplan van die skoolsaal, Johan van Rensburg teater en klankdigte musiekklasse ...... 35

Figuur 12: Orkeslede met “Groen en Goud” klere in die skoolsaal ...... 38

Figuur 13: Orkes met formele drag in die Johan van Rensburg teater ...... 39

Figuur 14: Samevatting van die temas ...... 42

Figuur 15: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “omgee” ...... 43

Figuur 16: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “betekenisvolheid” ...... 45

Figuur 17: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “persoonlike ontwikkeling ...... 47

Figuur 18: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “ontwikkeling van vaardighede” ...... 49

Figuur 19: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “negatiewe ervaring” ...... 50

Figuur 20: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “dissipline” ...... 52

Figuur 21: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema “genot” ...... 54


LYS VAN TABELLE


Tabel 1: Orkeslede met wie onderhoude gevoer is ...... 41

Tabel 2: Die temas, beskrywing daarvan en die outeurs wat die onderwerp beskryf ...... 57

# HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 Inleiding

Die Con Amoré-orkes van die Drie Riviere Konservatorium is gevestig by Hoërskool Drie Riviere in Vereeniging. Die orkes is ŉ belangrike ambassadeur van die Drie Riviere Konservatorium en die orkeslede kom van verskillende skole in die Vaaldriehoek-gebied wat ŉ paar dorpe soos onder andere Vereeniging, Vanderbijlpark, Meyerton en Sasolburg insluit in die suide van Gauteng. Musieklesse in verskeie instrumente word by die Drie Riviere Konservatorium aangebied vir die Vaaldriehoek se leerders. Die ouderdomme van die leerders in die orkes wissel van elf tot negentien jaar en die grootte van die orkes wissel van jaar tot jaar. Die orkes het ŉ tradisie van deelname aan kompetisies en optredes by verskeie geleenthede. Om met die orkes te toer word so gereeld onderneem as wat befondsing dit moontlik maak. Die doel van die Con Amoré-orkes is dat daar ŉ liefde en waardering vir musiek gekweek word en die talent van jong spelers ontwikkel word (Human & Ahlers, 2009:8). Ek het egter terwyl ek met die orkes werk waargeneem dat leerders ook ander ervaringe ontwikkel deur saam musiek te maak. Hierdie en ander ervaringe wil ek graag verder ondersoek.

Die leemte is egter dat belewinge van skoolgaande orkeslede nog nie as ŉ fenomenologiese kwalitatiewe navorsingprojek in Suid-Afrika bestudeer is nie. Literatuur wat op die Suid-Afrikaanse opset fokus is meestal kwantitatief van aard of dit is gerig op onderwysers, volwassenes of universiteitstudente en nie op skoolgaande laer- en hoërskoolleerders nie. Devroop (2009:7) se artikel "The effect of instrumental music instruction on disadvantaged South African career plans" is ŉ voorbeeld van so ŉ kwantitatiewe studie. ŉ MA-verhandeling van Van Dyk (1995:x) beskryf die gedeelde ervaringe van die fenomeen van musiek en hoe dit tot hulp kan wees as ŉ professionele hulpmiddel vir kliniese psigologie. Internasionale studies is ook gedoen. In ŉ studie wat handel oor Sweedse musikante, naamlik ŉ perkussiespeler, ŉ koorleier en ŉ sanger-liedjieskrywer, bespreek Thorsén (2007:311) dié musikante se gedeelde ervaringe. ŉ Studie wat gedoen is in Saskatoon, Kanada, oor "Dancing to the beat of a different drummer: The lived experiences of elementary school band teachers in urban Saskatchewan: A

phenomenological inquiry" van Sherri (2007:vii), handel oor die belewinge van onderwysers en nie leerders nie. Nog 'n fenomenologiese studie wat handel oor onderwysers is dié van Pellegrino (2010:xi) aan die Universiteit van Michigan in Amerika en handel oor die betekenis en waarde van musiekmaak in die lewens van onderwysers wat strykinstrumente aanbied. Een van die min studies waar hoërskoolleerders by betrokke is, is in Amerika deur Prendergast *et al.* (2009:303) gedoen met die titel "A haiku suite: the importance of music making in the lives of secondary school students".

My studie verskil van die genoemde literatuur omdat 'n fenomenologiese studie bedink word oor die belewinge van skoolgaande orkeslede. Ek fokus op orkesspelers in laer- en hoërskole vanaf graad ses tot twaalf in die Vaaldriehoek-omgewing. Bresler (2010:16) beweer dat fenomenologiese studies waar studente hul eie woorde gebruik om ervaringe te beskryf amper afwesig is in musiekopvoedkunde.

Die doel van hierdie fenomenologiese studie is om die gedeelde ervaringe van orkeslede van die Con Amoré-orkes te ondersoek. Daardeur kan 'n beter begrip van die betekenis van hul ervaringe verkry en hul gevoelens begryp word.

## 1.2 Navorsingsvrae

### 1.2.1 Hoofnavorsingsvraag

Watter betekenis put die Con Amoré-orkeslede uit hul gedeelde ervaringe?

### 1.2.2 Sub-vrae

Die volgende twee sub-vrae vloei hieruit voort:

- Wat het die orkeslede in die Con Amoré-orkes ervaar? (Die fokus is hier op die inhoudelike.)
- Hoe het die orkeslede die Con Amoré-orkes ervaar? (Die fokus is hier op die strukturele.)

## 1.3 Moontlike beperkinge van die studie

Die studie betrek slegs leerders van die Vaaldriehoek wat in die Con Amoré-orkes speel. Daar sal nie ŉ veralgemening gedoen kan word nie, omdat die studie slegs gerig is op die gedeelde ervaringe van individuele orkeslede.

## 1.4 Navorsingsmetodes

Die wêreldbeskouing wat ek onderskryf vir die navorsingsprojek is interpretavisties en die doel daarvan is om te beskryf en te verstaan (Merriam, 2009:11). Volgens Maree (2011:60) is die doel van interpretivistiese navorsing om perspektief aan ŉ situasie te verskaf en om te analiseer hoe ŉ groep mense van ŉ situasie of fenomeen sin maak.

Kwalitatiewe navorsing gaan gedoen word om te verstaan wat die gedeelde ervaringe van orkeslede in die orkes is. Creswell (2013:43) beweer dat kwalitatiewe navorsing die volgende is: "(It) is a situated activity that locates the observer in the world". Data gaan versamel word deur oop-einde onderhoude met die orkeslede te voer.

Die navorsingsbenadering is volgens Creswell (2013:80) fenomenologie, waar daar meer op die ervaringe van die deelnemers as op die interpretasie van die navorser gefokus word. Dit is ŉ benadering om gedeelde ervaringe te ondersoek en betekenis daaraan te gee. "From a phenomenological point of view, to do research is always to question the way we experience the world" (Van Manen, 1990:5). Kwalitatiewe navorsers identifiseer ŉ fenomeen as "an object of human experience" (Van Manen, 1990:163). Bresler (2010:11) beweer dat die begin- en eindpunt van fenomenologiese navorsing "lived experience" is en dat dit ŉ studie van persone is.

## 1.5 Rol van die navorser

Ek as navorser van die studie is die departementshoof van die Drie Riviere Konservatorium en is baie nou betrokke by die bestuur daarvan, die ondersteuning van onderwysers en leerders en al die musiekaktiwiteite wat daar plaasvind. As onderwyser wat individuele musieklesse vir baie van die orkeslede van die Con Amoré orkes aanbied, tree ek ook op as begeleier van die leerders. Ek is dus baie

nou betrokke by die orkeslede en hulle ken my en sal daarom die vrymoedigheid hê om onderhoude met my te voer.

## 1.6 Deelnemers

Die deelnemers aan die studie bestaan uit drie seuns en drie dogters wat tussen grade nege en twaalf in die skool is. Die instrumente wat hulle bespeel is klarinet, altsaksofoon, baskitaar, tromme en twee van hulle bespeel die dwarsfluit.

## 1.7 Data-insamelingsmetodes en data analise

Verskeie boeke, tydskrifte, koerantberigte en brosjures is bestudeer. Hierdie bronne is deur die internet, asook soekstasies soos EBSCOhost, ERIC, NEXUS, ProQuest, NRF en http://www.sagepublications.com, bekom. In fenomenologie word hoofsaaklik van "open-ended interviews and reflective journals" (Bresler, 2010:12) gebruik gemaak. Ek gaan data versamel deur individuele oop-einde onderhoude met die orkeslede te voer en dit dan te transkribeer. Onderhoude gaan gevoer word totdat geen nuwe inligting meer verkry word nie en dataversadiging bereik word. Maree (2011:15) noem dat "the researcher serves as an instrument of data collection and asks the participants broad, open-ended questions to allow them to share their views about and experiences with the phenomenon". Die data is vanaf Junie tot Desember 2013 versamel by Hoërskool Drie Riviere in Vereeniging, waar die orkes twee keer per week oefen. Data sal deur middel van ATLAS.ti 7 georganiseer word. Teks gaan gekodeer word, waarna temas uitgelig gaan word (Maree, 2011:15). Volgens Graneheim en Lundman (2004:107) is die skep van temas 'n manier om onderliggende betekenisse te verdeel in kategorieë. Hulle beweer verder dat temas ook onderverdeel kan word in sub-temas. Die temas sal dan in 'n narratief bespreek en sodoende geïnterpreteer word.

## 1.8 Waarde van die studie

Hierdie navorsingsprojek behoort van waarde wees vir dirigente, musiekopvoeders, orkesbestuurders en orkeslede want dit gee insig oor hoe orkeslede dit beleef en ervaar om in die orkes te speel. "To encourage new ways of thinking about the

experience of making music" (Bernard 2009:16) sal ook van groot waarde wees vir dirigente wat spesifiek met skoolorkeste werk.

## 1.9 Betroubaarheid

Die studie sal betroubaar wees deurdat individuele onderhoude opgeneem, daarna getranskribeer en omvattend beskryf word. Die rekenaarprogram ATLAS.ti 7 word gebruik om die kwalitatiewe data te kodeer en telkens terug te keer na die data. Die bevindinge sal teruggeneem word na die deelnemers sodat dit vergelyk kan word met wat hulle ondervind het. Sodoende sal die betroubaarheid van die bevindinge verseker word. My rol as navorser sal ek van die begin af duidelik aan die deelnemers stel.

## 1.10 Etiek

Alvorens enige navorsing gedoen is, het die deelnemers wat orkeslede is (kyk bylae A.1), die ouers van orkeslede (kyk bylae A.2) en die skoolhoof (kyk bylae A.4) 'n vorm ingevul waarin hulle hul toestemming tot die navorsing gegee het. Die aard en doel van die navorsingsprojek is aan hulle verduidelik. Dit is duidelik gemaak dat hul anonimiteit behou sal word en dat hulle geensins deur die navorsing benadeel sal word nie. Hulle sal vrywillig deelneem en mag enige tyd onttrek as hulle dit sou verkies. Voordat die navorsing 'n aanvang geneem het, is toestemming op 10 Augustus 2012 van die dirigent (kyk bylae A.3) van die Con Amoré-orkes verkry. Die etiek-dokumentasie van die Noordwes-Universiteit is voltooi en goedgekeur.


## 1.11 Hoofstukindeling

Hierdie skripsie is ingedeel in vyf hoofstukke. Hoofstuk een is die inleiding en probleemstelling, hoofstuk twee die literatuurstudie en hoofstuk drie die navorsingsontwerp. In hoofstuk vier word die data-analise gedoen en die laaste hoofstuk bevat die bespreking, uitkomste en gevolgtrekkings.

# HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

## 2.1 Inleiding

Die rolspelers van die orkes naamlik die leerder, dirigent, praktiese onderwyser en ouer is die hart van die orkes waarsonder dit nie optimaal kan funksioneer nie. Die ervaringe van orkeslede word aangespreek. Nasionale en internasionale orkeste word bespreek om sodoende meer te wete te kom oor hul werkswyse en hoe spelers dit ervaar om in die orkes te speel. Vervolgens word elk se rol uiteengesit. ŉ Breinkaart (kyk figuur 1) word geplaas om sodoende ŉ geheelbeeld van die hoofstuk te kry.




**Figuur 1: Breinkaart van die literatuurstudie**

## 2.2 Betekenisvolle ervaringe

Wayman (2005:17) beweer dat as ŉ student iets van waarde ag, dit vir hom betekenisvol is. Betekenis kan toegeskryf word aan aksies, aktiwiteite, ervaringe en voorwerpe na aanleiding van watter waarde die individu daaraan heg en dit is meestal gebaseer op die individu se persoonlike perspektief. Wayman (2005:23) is verder van mening dat betekenisvolle musiek-ervaringe deel kan wees van die vorming van die persoon se persoonlike identiteit en musiek kan meer betekenisvol

vir die luisteraar word deur herhaalde ervaring van ŉ musikale werk of styl. “Musical meaning is understood as communicative action and therefore as embedded in a continuous texture of psychological, social and cultural relations” (Kramer, 2002:7). “Generally, students found performing activities to be most meaningful, compared to music reading and music history activities” (Wayman, 2005:50).

Meyer (1970:21,23) beskou waarde as ŉ ervaring wat ontwikkel en verander eerder as ŉ vaste of rigiede eienskap van sekere stimuli. Die probleem van die waarde van musiek is onontkombaar vir iemand wat met musiek of kuns gemoeid is. ŉ Sisteem van waardes is vanselfsprekend van hoe en wat musiek of kuns kommunikeer en wanneer “kommunikasie” bespreek word, bring dit waardes (values) onder bespreking. “The value of any particular music experience is a function both of the listener’s ability to respond – his having learned the style of music – and of his mode of response” (Meyer, 1970:34).

## 2.3 Orkeslede voel hulle behoort

Clarke *et al.* (2010:165) beweer dat groepe musikante wat saam musiek maak, ervaringe van ŉ gevoel van “behoort” teweeg te bring en dat vriendskappe en sosiale netwerke versterk word. Volgens Human (2012:4) beleef sulke musikante ŉ gevoel dat hul aan ŉ groep behoort waar hul veilig voel. Volgens Countryman (2009:98) en Higgins (2007:283) gebruik deelnemers in ŉ gemeenskap daaglikse gebeure om ŉ gevoel dat hulle behoort te kan skep.

## 2.4 Musiek wek gevoelens op

Volgens Ratner (1983:3) is die krag van musiek om gevoelens op te wek die middelpunt van musikale ervaring, en dit is die rede waarom musiek meer kuns as wetenskap is. Gevoel is die persoonlike deel van musiekervaring waar jy as die luisteraar dit interpreteer. Ratner (1983:7) beweer verder dat klank wat fisies ervaar word as ŉ vibrasie in die lug die gehoorsintuig ontroer. Musikale beweging nooi mens uit om deel te neem – om voete te tik, koppe te knik of selfs te dans of te beweeg (Ratner,1983:15).

## 2.5 Musiekbeoefening inspireer mense

Volgens Elliott (2012:26) is daar geen twyfel dat die beoefening van individuele- en groepsmusiek en die beluistering van musiek individue se lewens inspireer en verander nie. Volgens Clarke *et al.* (2010:9) is musiek 'n menslike aktiwiteit en is daar geen gemeenskap wat nie musiek beoefen nie en beleef mense musiek as belangrik en lewensverrykend. Clarke *et al.* (2010:164) beweer dat "acquiring music involves much more than gaining knowledge and expertise: it makes a contribution to identity and self-perception". Musiekmaak sluit vele fasette van menswees in en word soos volg opgesom.

> Because of the positive musical-emotional experiences music listening and music making can arouse and express, music – taught educatively – can make major artistic, social, cultural, ethical, economic, and political differences in peoples' lives (Elliott & Silverman, 2014:69).

Clarke *et al.* (2010:107) is van mening dat musiekaktiwiteite help om geslag, etniese, kulturele, plaaslike, nasionale en ander identiteite te vorm en te behou. Hulle noem dat studies wat in Brittanje en Amerika gedoen is daarop dui dat sekere instrumente meer geskik is vir seuns, soos byvoorbeeld koperblaasinstrumente wat moontlik beïnvloed is deur die weermag se orkeste.

## 2.6 Emosies

Meyer (1956) noem in sy baanbrekersboek *Emotion and meaning in music* dat verwarring maklik intree oor die interpretasie van emosie (*emotion*) en stemming (*mood*). Hy verduidelik dat die gebruik van die term "emosie" dikwels verwar word met stemming en assosiasie. Volgens Meyer (1956:7-9) is emosie tydelik en kortstondig terwyl "stemming" meer permanent is en langer duur. Samevattend noem Meyer (1956:14) dat "emotion or affect is aroused when a tendency to respond is arrested or inhibited". 'n Emosie en wat deur 'n musikale ervaring verkry word, word deur verskeie skrywers van verskillende kante beredeneer. Hanslick (1974:18) argumenteer weer dat musiek met gevoelens te doen het – sekere musiekstukke wek sekere emosies by mense op en die doel van musiek is om die emosies aan te wakker. Volgens Belcher en Haridakis (2013:389) luister mense na musiek om hul emosies te bestuur. Small (1998:135) beweer dat musiek oor die kommunikasie of die uitdrukking of verteenwoordiging van emosies of groepe emosies gaan wat van

een persoon, die komponis, na ŉ ander, die luisteraar deur middel van die uitvoerder oorgedra word. Verskeie luisteraars deel die ervaring van die gevoel van ŉ musiekstuk soos dat nostalgiese musiek hulle nostalgies laat voel, met ander woorde die luisteraar reflekteer die gevoelens wat die musiek uitbeeld (Robinson, 1997:17). “Music may be ‘meaningful’ in the sense that people find it important or that it expresses emotions or serves as a medium of social connection, but it does all these things without assuming a concrete context” (Kramer, 2002:11). Volgens Elliott (2012:26) is musiekopvoeders bevoorreg om met energieke jongmense te werk en leer hulle om deur middel van musiek emosies en gevoel uit te druk.

## 2.7 Musiek as kommunikasie-middel

Morrison (2008:173) is van mening dat adolessente in die proses is om hul individualiteit te ontdek terwyl hulle ondersteuning en goedkeuring van hul tydgenote soek. Dit is belangrik dat die kind as sosiale wese moet weet hoe om gepas op te tree in sekere situasies. “The social etiquette of performance, including such behaviour as bowing and wearing appropriate dress, is significant to performers and audiences” (Davidson, 2002:148). Sy skryf dat ŉ uitvoering ŉ tweerigting-kommunikasie is tussen die uitvoerder en die gehoor - daar is visuele en ouditiewe kommunikasie. Indien ŉ uitvoerder aanvoel dat die gehoor haar uitvoering geniet, spoor dit haar aan om beter te speel en dit ook te geniet. “Ensemble performance involves musical and social interaction between a group of performers” (Goodman, 2002:153). Goodman (2002:159) beweer verder dat elke musikant se individuele identiteit ’n invloed op die ensemble het, maar dat eenvormigheid verkry moet word. Daar is dus ŉ noue band tussen die individu en die ensemble. Senior lede van die orkes help juniors om gemaklik in die orkes in te skakel en ondersteun hulle ook met probleemareas in die musiek soos ingewikkelde ritmes of tegniese onsekerhede soos vingerdrukke op blaasinstrumente. Blacking (2000:98) beweer dat: “We may agree that music is sound that is organized into socially accepted patterns, that music-making is to be regarded as a form of learned behaviour, and that musical styles are based on what man has chosen to select from nature as a part of his cultural expression rather than on what nature has imposed on him”.

## 2.8 Sosiale belewing in die orkes

Daar is verskillende maniere wat gebruik kan word om ŉ gevoel van samehorigheid en groepsgees te ontwikkel. Volgens Ryan (2009:46) gebruik gemeenskaps-ensembles gewoonlik ŉ naweek-wegbreek om die jaar mee te begin. Sodoende kan nuwe repertorium aangeleer, tegniese vaardighede ingeoefen en bondgenootskappe tussen die spelers gevorm word. Hy stel voor dat verskillende sosiale geleenthede geskep moet word en verwys onder andere na balspeletjies en uitstappies om ŉ aangename gees en samehorigheidsgevoel te skep. "Their continual presence in instrumental music indicates that they have chosen to make band or orchestra membership part of their identity and that other ensemble members make up a significant part of their social circle" (Morrison, 2008:173). Hewitt en Allan (2012:258) is van mening dat positiewe uitkomste van ŉ aktiwiteit vir die individu een van die belangrikste motiverende redes vir deelname is. Indien die orkeslede dit geniet om in die orkes te speel voel hulle gemotiveerd om oefeninge gereeld by te woon en is die samekoms van vriende vir hulle belangrik. Daar word gedeel in mekaar se lief en leed. Die sosiale komponent van die orkes is dus vir hulle baie belangrik. Kartomi (2012:864) beweer dat ŉ student eerder lid van ŉ orkes sal wil wees as die advertensiemateriaal lewendige sosiale aktiwiteite adverteer as ŉ streng beleid van onderrig en leer. Volgens Du Preez (1983:150) bied die skoolorkes aan die leerder ŉ positiewe, genotvolle en ontspannende vorm van vryetydbesteding

ŉ Studie is in Skotland deur Hewitt en Allan (2012:267,268) gedoen met ŉ ensemble wat uit twee-en-sewentig tieners bestaan. Die vraag was waarom die deelnemers voortgaan om deel wees van die simfoniese jeugorkes of konsertorkes. Die tematiese analise van die hul ervaringe het soos volg daar uitgesien (dit word in volgorde van belangrikheid geplaas):

- die sosiale vaardighede, soos om nuwe vriende te maak en om met bestaande vriende te kuier,
- die musikale kwaliteit van die ensemble, wat die musikaliteit van die ensemble insluit asook die kwaliteit van die ander musikante,
- die genot van deelname aan die ensemble,

- die bekwaamheid van die dirigent en onderwysers, asook dat hulle die ensemble lede aanvaar en ’n vriendelike atmosfeer skep,
- die keuse van die repertorium, want die genot van die musiek wat uitgevoer word is vir die deelnemers belangriker as die tegniese uitdagings,
- die musikale vaardighede wat die lees van musieknotasie en die verstaan van musiek insluit,
- die gevoel van dat die deelnemers behoort aan en deel is van ’n groep wat ’n gevoel van trots meebring,
- die omgewing waar geoefen word wat die plek en die organisasie daarvan insluit.

Kokotsaki en Hallam (2007:99) bevestig bogenoemde in hul studie van agt-en-sewentig voorgraadse musiekstudente van twee Engelse universiteite. Die deelnemers is uitgevra oor watter impak die deelname aan musiekmaak in groepe op hul lewens het. Die ervaringe word as volg weergegee:


- ’n gevoel van trots en sukses,
- opgewonde om aan ’n groep te behoort,
- om selfbevrediging te ervaar in ’n groep en saam te werk om iets te ontwikkel wat goed klink,
- om te sosialiseer met mense wat van musiek hou en daardeur nuwe vriende te maak en interessante mense te ontmoet,
- om sosiale- en spanwerkvaardighede te ontwikkel deur die beoefening van musiek, en
- om deel te neem aan groot konserte en musiekgebeure, om uitvoerings te gee in belangrike plekke en om oorsee te kan reis.

Goodman (2002:164) beweer dat die sosiale interaksie tussen uitvoerders van ’n ensemble duidelik waargeneem kan word wanneer musikante openlik idees uitruil, konflik hanteer en kompromieë bereik. Volgens Spies en Groenewald (2005:415) “bied musiekmaak in groepsverband, soos kore en orkeste, bykomende geleenthede om vaardighede te ontwikkel om in ’n groep te funksioneer en om interpersoonlike verhoudinge te ontwikkel”. Small (1998:133) lig ook die sosiale waarde van “musicking” (musiekmaak) uit. Elke musikale uitvoering weerspieël die waardes van

ʼn spesifieke sosiale groep - klein of groot, ryk of arm. Groepe verander en so ook hul waardes en styl van musiekmaak. Volgens Clarke *et al.* (2010:104) bied musiek ʼn geleentheid vir sosiale verbintenis en dat groot groepe gelyk kan deelneem aan musiekmaak aktiwiteite en dat almal ʼn bydrae maak tot die gesamentlike aktiwiteit. Volgens Davidson en King (2004:118) is dit duidelik dat die meerderheid van sosiale interaksie tydens ensemble oefeninge meestal taakgerig is deurdat musikante hul mening oor die musiek lug.

### 2.9 Rolspelers van ʼn skoolorkes

Daar moet duidelike en oop kommunikasie (kyk figuur 2) tussen die onderwyser en leerder, leerder en ouer, en ouer en onderwyser wees om die leerder in die regte rigting te stuur wat musiekonderrig betref (Morrison, 2008:169).




**Figuur 2: Kommunikasie tussen die rolspelers van die orkes.**

Eerstens word die leerders bespreek aangesien hulle die fokus van hierdie studie is.

### 2.9.1 Die leerder

Die orkeslede is in hul tienerfase. Dit is ŉ fase waarin die tiener fisieke, geestelike, emosionele en sosiale veranderinge ondergaan. Volgens Lawson (2003:1) is puberteit die stadium van ontwikkeling wanneer die voortplantingsorgane aktief begin raak. Die proses begin gewoonlik van die ouderdom van tien tot veertien jaar en neem tussen twee tot vier jaar om te voltooi. Die term "adolessent" is breër en sluit die hele fase van ŉ kind tot volwassene in. Vervolgens bespreek ek eers die algemene eienskappe van ŉ tiener waarna ek sal fokus op die orkeslid as tiener.

Die tieners begin in hierdie stadium om aangetrokke te voel tot die teenoorgestelde geslag en begin om verhoudings met mekaar aan te knoop. McGillen en McMillen (2005:12) het in hul studie van adolessente van ŉ plaaslike hoërskool bevind dat vriendskappe tussen lede van die ensemble sonder voorbehoud is en dat hulle ŉ invloed het op mekaar tydens oefeninge sowel as in hul daaglikse lewe. Die slaappatrone van tieners verander ook drasties. "Yet another contributor to adolescent moodiness is change in sleep schedules" (Berk, 2006:201).

Deur in ŉ orkes te speel fokus tieners op ander aspekte as hul fisieke voorkoms.

> Their continual presence in instrumental music indicates that they have chosen to make band or orchestra membership part of their identity and that other ensemble members make up a significant part of their social circle (Morrison, 2008:173).

Serino (2006:10) skryf dat die sestien-jarige Katlego Mongale twee ure per dag oefen om ŉ jazz-musikant te word. Hy geniet dit om in die orkes te speel en terselftertyd hou dit hom van die strate af weg. Musisering het ŉ invloed op die affektiewe ontwikkeling van die tiener.

> Musiekleerders se emosionele intelligensie isoor die algemeen beter as die van die leerders wat nie musiek beoefen nie. Dit word ook bevestig deur die vraelyste en onderhoude [BarOn EQ-iw-vraelys] waarin aangetoon is dat musiekleerders oor die algemeen goeie selfdissipline het, goed kommunikeer, goeie interpersoonlike verhoudings het en self verantwoordelikheid aanvaar vir hul eie sukses en die van ander (Groenewald, 2003:167).

Die kind ervaar deur [1]haar liggaam verskillende gewaarwordinge terwyl sy ŉ instrument bespeel. Davidson (2002:147) beweer dat daar ŉ sterk verband is tussen

[1] Die vroulike vorm gaan regdeur die skripsie gebruik word. Dit sluit nie die manlike vorm uit nie.

die fisiese uitdrukking van gevoel en die ekspressiewe klankeffek. “The body is vital in generating the technical and expressive qualities of a musical interpretation” (Davidson, 2002:146). Sy het ŉ gevallestudie van ŉ pianis gedoen om uit te vind watter bewegings van die liggaam gebruik word tydens ŉ uitvoering. Elke instrument het sy eie fisiese bewegings en uitdagings – dit hang net af van watter instrument bespeel word. Goodman (2002:165) is van mening dat elke ensemble ŉ spesifieke atmosfeer skep en dit is waarom ensemble-spel so ŉ verfrissende en opwindende uitwerking op die lede het.

Volgens Lawson (2003:10) is die fisiologiese werking van die brein van die adolessent en die volwassene verskillend – volwassenes gebruik die voorste lob om emosionele reaksies te verander na situasies en gebeure, terwyl die jong tiener nou eers begin om hierdie vermoë te ontwikkel. Dit veroorsaak dat tieners nie die moontlike konsekwensies van hul aksies besef nie en dikwels instinktief optree. Tieners het daarom nodig om leiding en advies by volwassenes te kry en musiekonderwysers het dus ŉ belangrike rol om te speel (Young, 2010:119). Clarke *et al.* (2010:9) is van mening dat “[m]usical performance, for example, involves complex motor skills, allowing investigation of the planning and execution of movements, of memory, and of skill aquisition”. Clarke *et al.* (2010:140) is van mening dat veranderinge in die funksionering en struktuur van die brein verander as gevolg van spesifieke vaardighede en take van musikale uitvoering – daar word geglo dat musikale aktiwiteit en spesifiek instrumentale motoriese vaardighede, ’n langdurige effek op die neurale netwerke in die brein van musikante het. Dit veroorsaak dus ŉ fisiese verandering in die breinstruktuur. Clarke *et al.* (2010:158) beweer verder dat om ŉ musiekinstrument te leer bespeel ekstra tyd vereis om fisiese en kognitiewe opdragte in te oefen en uit te voer. Volgens McPherson en Schubert (2004:67) beïnvloed die uitvoerder se fisiese bewegings of hoe sy haarself projekteer, hoe die gehoor haar en haar uitvoering beleef.

### 2.9.2 Die dirigent

Die orkeslede sien die dirigent as ʼn rolmodel. Die dirigent van ʼn orkes behoort ʼn toegewyde persoon te wees wat groot deernis met die orkeslede het, maar ook die orkeslede kan dissiplineer. Sy behoort diplomaties, konsekwent en regverdig op te tree.

> I feel our role as music educators, in addition to providing a great musical experience, is to help mould our musicians into good people, people who are respectful of others, who are tolerant and open-minded, who give willingly (Caswell, 2007:7).

Volgens Hunt *et al.* (2004:147) het orkesdirigente ʼn gesofistikeerde kombinasie van gedrag en vermoëns nodig om leiding te neem. Die kombinasie van gedrag en vermoëns sluit die misterieuse mengsel van rolle soos musikant, sielkundige, onderwyser, outokraat, kollega, politikus en charismatiese leier in. Hunt *et al.* (2004:158) beweer dat dirigente die musikante nie net intellektueel stimuleer nie, maar ook emosioneel as gevolg van hul passie vir die musiek. Vir Davidson en King (2004:110) is dit belangrik dat daar ʼn balans tussen plesier en werk is vir alle ensembles en vir gesonde musiekmaak in die algemeen. Caswell (2007:6) beweer dat Colin Clarke wat ʼn dirigent van die Toronto Youth Wind Orchestra is sy musikante inspireer en met respek behandel. Hy maak die oefeninge prettig maar bly nog steeds gefokus. Volgens Ponchione (2013:185) word elke woord, aksie en gesigsuitdrukking van ʼn dirigent as't ware onder ʼn mikroskoop geplaas en is dit onderworpe aan kritiek en assessering. Die orkesbestuurder of dirigent speel ʻn belangrike rol in bemarking en moet ʻn bekwame organiseerder wees om die orkes genoegsame blootstelling te gee beweer Ryan (2009:47) en Young (2010:101).

Dissipline is volgens Du Preez (1983:147) ʼn belangrike aspek van orkesspel, want "Every musical experience gives students an opportunity to grow as musicians and to enjoy the unique activity of music making ... providing that the teacher facilitates these experiences with commitment and professional integrity" (Morrison, 2008:168). Orkeslede moet luister, kyk en reageer op beide die dirigent en mekaar. Goeie kommunikasie tussen die dirigent en die orkeslede is dus belangrik. "In performance where a conductor is involved, regulatory gestures and illustrators are obviously required in order to indicate when and how something should happen" (Davidson & King, 2004:112). Beskikbare orkes-repertoire voldoen dikwels nie aan die vereistes

van die orkeslede se vermoëns nie. "She must read and interpret visually dense musical scores, some containing twenty or more staves on one page. She must possess a fundamental understanding of and achieve at least a minimal proficiency on virtually every instrument" (Morrison, 2008:181,182).

Die volgende aspekte is in die praktyk van belang en word deur verskeie navorsers bespreek. "Die orkes se oefensessies word meestal soos volg ingedeel: opwarm en instem, die bespreking van administratiewe sake soos optredes, addisionele oefensessies gevolg deur oefening in kleiner groepe waarna die orkes as geheel weer saam oefen" (Ryan, 2009:46). Volgens Davidson en King (2004:109,120) moet daar seker gemaak word dat elke lid van die ensemble betrokke is by die oefeninge. Volgens Sorenson (2007:21) en Human (2012:3) kan die oudisieproses baie traumaties vir 'n adolessent wees en daarom moet die dirigent dit met baie geduld en sensitiwiteit benader. Die meeste institusionele jeugorkeste is afhanklik van befondsing van die publiek en/of private sektor vir hul voortbestaan (kyk Kartomi, 2012:861; Morrison, 2008:166; Ryan, 2009:84).

### 2.9.3 Die onderwysers

Sonder die onderwysers wat die orkeslede onderrig in hul verskeie instrumente is die bou van 'n goeie en standhoudende orkes onmoontlik. Volgens Morrison (2008:166) moet daar ten minste een onderwyser slegs vir instrumentale musiekonderrig beskikbaar gestel word. Volgens Pitts (2012:92) is die musiekonderwyser wat 'n spesifieke vaardigheid aan leerders leer en demonstreer meer van 'n direkte rolmodel as die gewone klasonderwyser. Zeserson (2009:82) beweer: "Music is a truly living subject", wat beteken dat leerders passievol is oor musiek en aktief daarna luister. Onderwysers se passie en entoesiasme is van kardinale belang om leerders aan te moedig om vol te hou met die studie van hul verskeie instrumente. Volgens Pitts (2012:114) bou instrumentale musiekonderwysers by wie leerders individuele aandag kry hul selfvertroue en vaardighede. Elliott en Silverman (2014:12) is van mening dat onderwysers 'n etiese verantwoordelikheid het om die leerders te verstaan vir wie lesse aangebied word. "They are taught as extra-curricular activities in the early morning, at lunchtimes, or after school" (Davidson & Jordan, 2007:738). Sommige neem dit as 'n skoolvak of ekstra skoolvak wat deel is van die kurrikulum.


### 2.9.4 Die ouers

Die ondersteuning van ouers word deur verskeie skrywers uitgelig (Clarke *et al.* 2010:159; Pitts 2012:95,114; Sorenson 2007:22). Clarke *et al.* (2010:160) is van mening dat volwassenes, met ander woorde rolmodelle, ouers en voogde se ondersteuning en die omstandighede by die huis ’n invloed op die musikale vordering van die kind het.

> Memories of attending concerts with parents further reinforced the sense of music having value in the home and often had a lasting impact on lifelong listening and live arts attendance habits (Pitts, 2012:104).

Dit is van belang vir my studie om te weet hoe nasionale en internasionale jeugorkeste bedryf word en hoe die spelers dit ervaar om deel van die orkes te wees. Die orkeste is almal jeugorkeste van verskillende groottes wat van verskillende kontinente afkomstig is (kyk figuur 3). Hierdie orkeste het funksionele organisatoriese sisteme in plek, doen oudisies om hoë standaarde te handhaaf, is suksesvol en bestaan al vir ’n geruime tyd. Die orkeste tree nasionaal en internasionaal op.

## 2.10 NASIONALE EN INTERNASIONALE JEUGORKESTE




**Figuur 3: Uiteensetting van die nasionale en internasionale orkeste wat gekies is**

### 2.10.1 Internasionale jeugorkeste

Die internasionale jeugorkeste wat ek gekies het om bestudeer is die National Youth Orchestra of Great Britain (NYO), die European Union Youth Orchestra (EUYO), die Cape Cod Symphony Youth Orchestra (YSO), die Los Angeles Youth Orchestra (LAYO), die National Youth Orchestra (NYO) van Kanada asook die Australian Youth Orchestra (AYO).

Die National Youth Orchestra of Great Britian (NYO) bestaan uit 165 spelers, in hul tienerjare, van regoor Brittanje en is in 1948 gestig (Kartomi, 2012:862). Die kwaliteit van die stykers-afdeling is van hoogstaande standaard. (Morrison, 2014). Die orkes staan onder leiding van Vasily Petrenko. Onderhoude wat met die orkeslede gevoer is reflekteer hul gevoel en ervaringe as 'n wonderlike leerervaring, hoe dit van hul beter musikante en beter groepspelers maak, meer selfvertroue gee, hulle sosiale vaardighede verbeter, en leer om meer te fokus en vir langer periodes te kan konsentreer (kyk National Youth Orchestra of Britian).

Die European Union Youth Orchestra (die EUYO span) bestaan uit tot eenhonderd-en-veertig spelers wat gekies word uit al agt-en-twintig lande van die Europese Unie. Die ouderdomme van die orkeslede wissel tussen veertien en vier-en-twintig jaar. Die orkes se musiekdirekteur is die wêreldberoemde Vladimir Ashkenazy. Hulle onderneem twee lang toere per jaar en neem deel aan musiekfeeste soos die Salzburg Festival, die Edinburgh Festival en die BBC Proms. Die musiek stimuleer die orkeslede op sosiale en kulturele vlak en berei hulle voor vir ŉ loopbaan in musiek. Hulle bied ŉ onbetaalde internskap van drie maande aan ŉ voornemende musiekstudent om sodoende ervaring as dirigent en administrateur van ŉ orkes op te doen (kyk European Union Youth Orchestra).

Die Cape Cod Symphony Youth Orchestra (YSO) van Massachusetts in Amerika bestaan uit vyf-en-negentig tot eenhonderd spelers en hul musiekdirekteur en dirigent is Joan Landry. Hulle doel is om die orkeslede tegnies en musikaal te ontwikkel in ensemble-spel. Ander lewensvaardighede soos verantwoordelikheid, dissipline, spanwerk, respek en selfvertroue word ontwikkel, maar ook die vreugde van die bespeling van ŉ instrument en om saam musiekmaak te geniet. Die orkeslede word onderrig deur professionele musikante en opvoeders van die Cape Cod Conservatory of Music & Arts en word ook blootgestel aan internasionale dirigente (kyk Cape Cod Symphony Youth Orchestra).

Die Los Angeles Youth Orchestra (LAYO) van Amerika bestaan uit tussen tagtig en negentig musikante van die Los Angeles-area en wissel in ouderdom van agt tot agtien jaar. Oudisies word gehou vir voornemende orkeslede. Tans is die orkes se artistieke direkteur Russell Steinberg. Die lede kry die geleentheid om bestaande repertoire in te studeer asook om nuwe musiek te "premiere". Die orkes kry ook geleentheid om saam met gaskunstenaars sowel as met ander groot orkeste op te tree. Die orkeslede het ŉ passie vir musiek en hulle is daarom gewillig om Sondagmiddae te repeteer. Deur die musiek ontwikkel hulle vriendskappe en ŉ liefde vir musiek wat hul vir altyd bybly. Ruth Borun wat die orkes gestig het beklemtoon dat die orkes se doel is om die gemeenskap te dien en lede moet vanuit die gemeenskap kom, maak nie saak van watter sosiale, kulturele of ekonomiese agtergrond hulle is nie. Musiek en vriendskap bind die gemeenskap saam (kyk Los Angeles Youth Orchestra).

Vervolgens gee Hood (2000:24,25) inligting oor die National Youth Orchestra (NYO) van Kanada. Die invloedryke dirigent Walter Susskind het in 1956 ŉ belangrike rol gespeel in die stigting van die orkes. McIntosh was die eerste bestuurder van die orkes vanaf 1960, waarna Haakman by hom aangesluit het as dirigent. Hulle het gereeld van internasionale dirigente gebruik gemaak wat die orkes help bou en vorm het. In die vroeëre jare moes hulle fondsinsamelings hou om alles aan die gang te hou. Meer as seshonderd oudisies word jaarliks in elke provinsie en in soveel as dertig stede gehou waarvan tussen negentig en eenhonderd musikante gekies word. Ouderdomme wissel tussen sestien en agt-en-twintig jaar. Gedurende die somermaande onderneem die orkes nasionale en soms internasionale konserttoere. Daar is ook ŉ somer-opleidingsinstituut waar orkeslede individuele en orkesopleiding, lesings oor gesondheid en die voorkoming van beserings en hoe om jou musiekloopbaan te bemark kry. In 1996 het die afgevaardigdes van die World Youth Orchestra Conference in Tokio die NYO van Kanada as die beste in die wêreld geklassifiseer. Oud-lede van die jeugorkes speel tans in die een-en-twintig hooforkeste van Kanada.

Die Australian Youth Orchestra (AYO) bestaan uit driehonderd spelers met ouderdomme wat wissel tussen twaalf en agt-en-twintig jaar. Nasionale oudisies word jaarliks gehou. Hulle doel is om ŉ liefde vir musiek te kweek en om afgeronde jong musikante, komponiste, musiek-administrateurs en musiek-joernaliste te kweek. Die lede kry die geleentheid om wêreldtoere te onderneem met hul orkesoptredes (kyk Australian Youth Orchestra). Volgens Kartomi (2012:865, 868) ondersteun die Young Australian Concert Artists (YACA) program die AYO in vele opsigte, deur onder andere befondsing, goeie gehalte musiekonderrig vir lede, ŉ ensemble vir senior lede met intensiewe onderrig deur professionele musikante en om die lede voor te berei om as professionele musikante op te tree.

Dit is nodig vir my studie om te weet wat nasionale jeugorkeste se werkswyse is en wat hul missie of doelwit is.

### 2.10.2 Nasionale jeugorkeste

Die nasionale jeugorkeste wat ek geselekteer het, is soos volg: die Johannesburg Youth Orchestra (JYO), die Noordwes-Jeugorkes (NWYO) en die Simfonia Juventi

Jeugorkes. Dit is jeugorkeste wat leerders van verskillende streke, ouderdomme en rasse insluit. Die orkeste het ’n hoë standaard, is baie suksesvol en tree gereeld op.

Die Johannesburg Youth Orchestra (JYO) is in 1976 gestig, bestaan tans uit agt-en-sewentig spelers en die dirigent is mnr Eddie Clayton. Orkeslede se ouderdomme is vyf-en-twintig jaar en jonger. Voornemende orkeslede wat aansoek doen vir oudisies moet ten minste op ‘n graad ses musiekstandaard wees. Hulle is deel van die Johannesburg Youth Orchestra Company (JYOC) wat leerders van vyftig skole in tien gegradeerde ensembles en orkeste insluit. Hul missie is onder andere om die jeug van alle gemeenskappe te ontwikkel deur goeie musiekonderrig, om opbouende sosiale en persoonlike vaardighede te kweek asook om jong volwassenes voor te berei vir musiekverwante loopbane (kyk Johannesburg Youth Orchestra).

Die Noordwes-Jeugorkes (NWYO) is in 1978 gestig deur die Transvaalse Departement van Onderwys en staan tans onder leiding van dr. Liesl van der Merwe, senior dosent aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom kampus. Leerders van verskeie gemeenskappe in die Noordwesprovinsie vorm deel van die orkes. Die orkes het in 2013 uit vier-en-dertig spelers bestaan waarvan veertien hoërskoolleerders en sestien musiekdiploma- en graadstudente aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is. Voornemende lede moet ’n jaarlikse oudisie in Oktober slaag om deel te word van die orkes. Verskeie gewese orkeslede het musiek studeer aan universiteite en technikons en beklee tans musiekberoepe regdeur Suid-Afrika. Die doel van die orkes is om die kulturele en opvoedkundige ontwikkeling van die leerders in die Noordwesprovinsie te bewerkstellig deur hul talente as musikante in die jeugorkes te ontwikkel. Vir hul konsertreeks tree hulle by verskeie plekke in die Noordwesprovinsie op soos onder andere in Klerksdorp, Ikageng, Huis Eikelaan Ouetehuis in Potchefstroom en by die Noordwes-Universiteit, asook by die Linder Ouditorium in Johannesburg, Gauteng in die International Orchestra Festival (kyk Noordwes-Jeugorkes).

Die Simfonia Juventi Jeugorkes wat gesetel is in Johannesburg, staan onder leiding van professor Fanie Jooste. Die orkes bestaan uit tagtig tot negentig spelers afkomstig uit verskillende provinsies soos Gauteng, Limpopo en Noordwes. Dit bied aan jong musikante ’n platvorm om in ’n jeugorkes te speel. Pro Arte Alphen Park is die beskermheer van die orkes. Jaarliks word oudisies in die tweede week van die

skooltermyn gehou en orkeslede moet ook ’n werkswinkel in April bywoon waartydens intensiewe opleiding en inoefening van nuwe repertorium plaasvind. Die orkesbestuurder is mev Lynette le Roux. Die orkes lewer drie konserte per jaar, onder andere die gala-aand in die ZK Matthews ouditorium van UNISA (kyk Simfonia Juventi Youth Orchestra).

## 2.11 Samevatting

Om ’n orkeslid te wees, het soveel pluspunte wat al die aspekte van menswees omsluit, soos onder andere fisies, emosioneel en sosiaal. Dit bied ’n uitlaatklep vir tieners se energie en leer hulle om te fokus op die musiek en vir lang tye te konsentreer. Al die rolspelers van die orkes, soos die orkeslede, dirigent, praktiese onderwysers en ouers van orkeslede werk saam om ’n sukses te maak van die orkes wat soveel vir die orkeslede beteken. In die volgende hoofstuk word die navorsingsontwerp waarop die skripsie gebaseer is bespreek.

# HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP

## 3.1 Inleiding

Dit is belangrik dat die korrekte navorsingsontwerp en benadering vir die spesifieke doel van die studie gekies word. In hierdie studie word van transendentale fenomenologie gebruik gemaak om sodoende die essensie van die gedeelde ervaringe van die orkeslede te beskryf.

## 3.2 Karaktereienskappe van kwalitatiewe navorsing

### 3.2.1 Wêreldbeskouing: Interpretivisties

My filosofiese wêreldbeskouing is interpretivisties. Dit beteken dat die gedeelde ervaringe van die orkeslede beskryf en ge-interpreteer en verstaan gaan word. "Interpretivism foregrounds the meaning that individuals or communities assign to their experiences" (Maree, 2011:21). Merriam (2009:12) is van mening dat interpretivisme die verstaan van die ervaring is en dat dit nie getoets of gemeet kan word nie.

### 3.2.2 Navorsingsontwerp: Kwalitatief

Volgens Merriam (2009:5) is kwalitatiewe navorsers geïnteresseerd daarin om te verstaan hoe mense hul ervaringe interpreteer, hoe hulle hul wêrelde konstrueer en watter betekenis hulle aan hul ervaringe gee. Die gedeelde ervaringe van die Con Amoré-orkeslede gaan deur middel van kwalitatiewe navorsing beskryf word. Volgens Creswell (2013:43) is kwalitatiewe navorsing die aktiwiteit wat die navorser in die wêreld plaas. Die navorser voer oop-einde onderhoude met die deelnemers en Creswell (2013:45) beweer dat kwalitatiewe navorsers die hoofinstrumente is waardeur data versamel word. Dit gebeur in die natuurlike opset van die Con Amoré-orkes waar ek en die leerders gereeld vir repetisies na skool in die skoolsaal byeenkom en waar hulle gemaklik voel, want dit is 'n bekende omgewing vir hulle. Daar sal gefokus word op die beskrywing van die orkeslede se ervaring oor hoe dit voel om in die orkes te wees, nie die navorser se ervaring nie. Creswell (2013:47) noem verder dat deur refleksief te wees posisioneer die navorser haarself deurdat sy

die metode en doel van die studie duidelik stel. Volgens Creswell (2014:186) word gepoog om navorsing holisties te benader deurdat alle aspekte en faktore wat die navorsing kan beïnvloed in aanmerking geneem moet word. Vir my studie gaan ek kwalitatiewe navorsing toepas en sodoende beskryf watter betekenis die orkeslede aan hulle gedeelde ervaringe heg in die Con Amoré-orkes.

### 3.2.3 Navorsingsbenadering: Fenomenologie

In kwalitatiewe navorsing is daar verskillende benaderinge soos onder andere etnografie, gevallestudie en fenomenologie. Die navorsingsbenadering wat ek gaan volg is die fenomenologie omdat dit die beste benadering is om my navorsingsvraag te beantwoord. Bresler (2010:11) is van mening dat die begin- en eindpunt van fenomenologiese navorsing *geleefde ervaring* is. Daar is twee hooftipes fenomenologiese benaderings, naamlik *transendentaal* en *hermeneuties*. My studie fokus egter slegs op transendentale fenomenologie waarvan Edmund Husserl (1859-1938) die pionier is. Die keuse is gedoen omdat dit vir my belangrik is om slegs die orkeslede se ervaringe te ondersoek en beskryf.

#### 3.2.3.1 Transendentale fenomenologie

Volgens Creswell (2013:80) word daar by transendentale fenomenologie meer klem gelê op die ervaringe van die deelnemers as op die interpretasie van die navorser. Die gedeelde ervaringe van die deelnemers word ondersoek en beskryf.

> In the Epoche, the everyday understandings, judgements and knowings are set aside, and phenomena are revisited, freshly, naively, in a wide open sense, from the vantage point of a pure or transcendental ego (Moustakas, 1994:33).

Die navorser se idees word in hakies ("bracketing and epoche") geskryf en het glad nie ŉ invloed op die deelnemers se idees of sieninge nie. Moerer-Urdahl en Creswell (2004:8) vertel dat hulle ten volle konsentreer om te luister en hoor wat die deelnemers te sê het sonder om dit met hul eie ervaringe in te kleur. Moustakas (1994:41) probeer om met sy navorsing alle vooroordele en aannames opsy te sit en ŉ transendentale staat van varsheid en openheid bloot te lê. Mertens (2009:181) sê dat hierdie benadering klem lê op die belangrikheid van die deelnemers se sieninge deur te fokus op hoe subjektiwiteit uitgedruk word. Creswell (2013:76) meen dat

fenomenoloë op die beskrywing fokus wat alle deelnemers gemeen het terwyl hulle ŉ fenomeen beleef.

#### 3.2.3.2 Hermeneutiese fenomenologie

Die woord is afkomstig van die naam van die Griekse god *Hermes* wie se taak dit was om boodskappe te kommunikeer van Zeus en die ander gode na die gewone mense. Die ander soort fenomenologie waarvan ek net kortliks die agtergrond gee, is hermeneuties soos Van Manen dit in sy boek *Researching lived experience* (1990) beskryf, waarvan Heidegger een van die pioniers was. "From a phenomenological point of view, to do research is always to question the way we experience the world" (Van Manen, 1990:5). Kwalitatiewe navorsers identifiseer ŉ fenomeen as "an object of human experience" (Van Manen, 1990:163). Volgens Moustakas (1994:9) is hermeneutiese wetenskap die kuns om teks te lees sodat die betekenis daaragter ten volle verstaan kan word. Van Manen (1990:179,180) beweer dat hermeneutika die teorie en toepassing van interpretasie is. Hermeneutiese fenomenologie is beskrywend (fenomenologies) sowel as interpretatief (hermeneuties). Volgens Laverty (2003:17) word die navorser wat die hermeneutiese benadering volg verplig om ŉ proses van introspeksie te volg.

## 3.3 Rol van die navorser

In transendentale fenomenologie is dit belangrik dat die navorser se idees in hakies (bracketing and epoche) geskryf word en nie deel uitmaak van die bevindinge nie, sodat slegs die deelnemers se ervaringe opgeteken word. Dit skakel dus die vooropgestelde idees van die navorser uit.

> The purpose of this reflection is to become aware of one's biases and assumptions in order to bracket them, or set them aside, in order to engage the experience without preconceived notions about what will be found in the investigation (Laverty, 2003:17).

Die voordeel daarvan is dat hierdie navorsing slegs oor die orkeslede se gedeelde ervaringe gaan en geen vooropgestelde idees van die navorser ŉ invloed op die navorsing het nie. In hierdie studie is my rol tweërlei: as navorser en as onderwyser. As navorser van die studie is ek as departementshoof van die Drie Riviere Konservatorium baie nou betrokke by die bestuur daarvan. As onderwyser is ek

verantwoordelik vir ongeveer die helfte van die orkeslede se individuele musieklesse asook hul begeleidings. Deurdat ek so nou betrokke is by die orkeslede, ken hulle my en behoort hulle daarom gemaklik daarmee te wees om onderhoude met my te voer. Daar is alreeds ŉ vertrouensverhouding tussen ons en die navorsing sal dus betroubaar wees. Hierdie gevoel van geborgenheid en vertroue moet regdeur die onderhoudsproses behoue bly. Dit is belangrik dat ek toegang moet hê tot die plek en deelnemers van die navorsing wat ek wil doen wat wel die geval is. Smith *et al.* (2009:65) sê dit is belangrik dat ŉ navorser tyd neem met ŉ onderhoud en luister na wat elke deelnemer vir jou vertel, asook dat deelnemers genoeg kans kry om ŉ vraag te beantwoord voordat ŉ nuwe vraag gevra word. Volgens Creswell (2013:76) versamel ŉ navorser data van die persone wat die fenomeen – in hierdie geval die ervaringe van die orkeslede – ervaar en ontwikkel ŉ beskrywing van die essensie van die belewenis vir al die individue. Ek as navorser berei die vrae vir die onderhoude voor en behartig die onderhoude. Dit is vir Merriam (2009:173) belangrik in fenomenologiese onderhoude dat die korrekte vrae gevra moet word en staatgemaak word op die deelnemers om die betekenis van hul ervaringe te bespreek, wat geduld en vaardigheid aan die kant van die navorser vereis.

## 3.4 Navorsingsmetodes

### 3.4.1 Data-insameling

Oop-einde onderhoude word gevoer met individuele orkeslede wat uiteraard dieselfde fenomeen beleef. Volgens Smith *et al*. (2009:56) vereis fenomenologiese analise ryk data wat beteken dat deelnemers die geleentheid gegun moet word om hul stories te vertel en vryelik te kan praat en hul idees en bekommernisse te kan reflekteer in die onderhoude. Maree (2011:88) beweer dat dit belangrik is tydens onderhoudvoering om die deelnemer se nie-verbale kommunikasie fyn dop te hou. ŉ Navorser moet ook oogkontak hou en regop sit. Die onderhoud word dan woord vir woord getranskribeer en nie-verbale aksies soos ŉ frons, ŉ handgebaar, ŉ lang pouse ensovoorts word in hakies aangedui om sodoende die gevoel van die onderhoud vas te lê. Daarna sal ek die getranskribeerde onderhoude op die rekenaarprogram ATLAS.ti 7 invoer. Volgens Friese (2014:voorwoord geen bladsynommer) is ATLAS "computer-aided qualitative data analysis software" en

beteken ti “text interpretation”. Deur middel van die kwalitatiewe rekenaar-data analiseprogram kan data effektief georganiseer, gesorteer, geanaliseer en gestoor word (Creswell, 2014:195). Dit is belangrik om die inligting wat op die rekenaar ingevoer word te stoor en duplikate te maak of in die kuberruimte te plaas. Deur gebruik te maak van die rekenaar, is die data georganiseer en kan dit maklik herroep word om mee te werk. Die rekenaarprogram verskaf ŉ visuele oorsig van die kodes en temas (Creswell, 2013:206). Die data word dan gekodeer en gegroepeer volgens temas. “Themes in qualitative research are broad units of information that consist of several codes aggregated to form a common idea” (Creswell, 2013:186). Moustakas (1994:118) beweer dat die organisasie van data (getranskribeerde onderhoude) as stellings georden word in eenhede waarna dit in kategorieë of temas ingedeel word, beskrywings van die ervaringe hieruit ontwikkel en die betekenis van die essensie van die fenomeen gekonstrueer word. Volgens Maree (2011:60) en Merriam (2009:15) is die navorser die instrument waardeur die data versamel en geanaliseer word. Fenomenologiese projekte se data insamelingsmetode maak meestal staat op onderhoude as data en hulle bestudeer individue (Creswell, 2013:176).

“The aim of qualitative interviews is to see the world through the eyes of the participant, and they can be a valuable source of information, provided they are used correctly” (Maree, 2011:87). Ek het semi-gestruktureerde onderhoude gevoer om sodoende toe te laat dat ek die deelnemers verder kon uitvra of dat hulle sekere aspekte verder verduidelik, soos Maree (2011:87) dit stel. Laverty (2003:6) is van mening dat transendentale fenomenologie ’n proses is waarin die navorser se opinie in hakies geplaas word om sodoende die fenomeen duidelik waar te neem.

> An important reminder for all phenomenological research, in all its stages, is to be constantly mindful of one’s original question and thus to be steadfastly orientated to the lived experience that makes it possible to ask the “what is it like” question in the first place (Laverty, 2003:6).

Volgens Creswell (2013:80, 81) ontwikkel die navorser ’n inhoudelike beskrywing van die ervaring van deelnemers (wat hulle ervaar) sowel as ’n strukturele beskrywing van die ervaring (hoe hulle dit ervaar) om sodoende die essensie van die ervaringe weer te gee. Ek het die “wat” en “hoe” vrae gevra maar ook ander nie-gestruktureerde vrae tussenin om die vloeibaarheid van die onderhoud te verseker en om soveel as moontlik ervaringe vas te pen om ŉ geheelbeeld te vorm.


Onderhoude is gevoer totdat geen nuwe data meer ontvang is nie – totdat die versadigingspunt bereik is.

### 3.4.2 Data-analise en -interpretasie

Induktiewe data-analise is gedoen waardeur temas uit die data gevorm word.

> It erases the Cartesian dualism between objectivity and subjectivity by allowing researchers to develop an objective "essence" through aggregating subjective experiences of a number of individuals. It is useful to use when the researcher has identified a phenomenon to understand, and has individuals who can provide a description of what they have experienced (Moerer-Urdahl & Creswell, 2004:23).

Die fenomenologiese metode word gebruik in die analise van data. Volgens Maree (2011:89) word onderhoude getranskribeer met die doel om die data te analiseer. Die transkripsies word verskeie kere deurgelees sodat die navorser ŉ geheelbeeld kan vorm. Met behulp van die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram word die data ingevoer en frases en dele van sinne wat die ervaringe van die deelnemers weerspieël word in verskeie temas gekodeer. Creswell (2014:199, 200) is van mening dat min temas – so tussen vyf en sewe temas – voldoende is vir ŉ navorsingstudie en dat die temas as hoofopskrifte gebruik word in die data-analise hoofstuk (Hoofstuk 4) van die skripsie. Dit word dan ge-analiseer en in-diepte beskryf oor die ervaring van die deelnemers. Nadat al die temas geïdentifiseer is, kan die navorser die deelnemers weer nader om die bevindinge te bevestig (Creswell, 2013:332). Indien daar nuwe data opduik, word dit by die bestaande data ingewerk. Die navorsingsraamwerk soos aangepas uit Creswell (2009:5) word vervolgens in figuur 4 uitgebeeld.




**Figuur 4: Navorsingsraamwerk aangepas uit Creswell (2009:5)**


- Friese: NCT model

Friese (2012:92-94) volg die volgende model: "We followed the NCT model for analysing the data. We noticed things, collected things and thought about things" (NCT model). "Noticing things" is die eerste been van die NCT model en verwys daarna om interessante aspekte in die data te vind as die literatuurstudie klaar gedoen is. In die rekenaarprogram ATLAS.ti 7 word daarna verwys as aanhalings met elk sy eie identifikasie en naam. "Collecting things" is die tweede been van die NCT model en verwys na die vergelyking van data wat voorheen ingesamel is vir ooreenkomste en verskille. Die konsepte wat dieselfde is, word saamgegroepeer in kategorieë. Friese (2012:100,101) se derde been van die NCT model is "thinking about things". Daar word gedink aan hoe kategorieë inpas by mekaar en verwant is aan mekaar en hoe kategorieë integreer kan word om temas te vorm. Daardeur het die skepping van die netwerk diagram in ATLAS.ti 7 ontstaan. Vyf van hierdie netwerkdiagramme, naamlik "core concepts, corporeality, relationality, spatiality and temporality" is beskikbaar in die rekenaarprogram. Die nommers wat na die temas en kategorieë verskyn verwys na die "groundedness" (getal aanhalings) en "density" verwys na die aantal skakels na ander kodes, kategorieë en temas. Netwerke is verbind aan die data en help om kwalitatiewe data-analise te akkommodeer.

- Kokotsaki en Hallam: koderingsproses

Kokotsaki en Hallam (2007:95) beskryf die kodering met die ATLAS.ti 7 program vir kwalitatiewe navorsing wat gebaseer is op fenomenologiese analise soos volg: eerstens is die koderingsproses gedoen waar temas en kategorieë gegee is aan die data, die konsepte wat tot dieselfde fenomeen behoort word dan saam gegroepeer wat lei tot konneksies tussen die kategorieë.

Beskrywing van data behels die bestudering van kodes en temas wat die geheelbeeld weerspieël. Van Manen (1990:77) beweer dat die data-analise ŉ fenomenologiese refleksie is. Figuur 5 som die essensie van die fenomeen van transendentale fenomenologie op, volgens Creswell (2013:80). ŉ Navorser se ervarings en interpretasies word eenkant in hakies (*epoche*) geplaas. Data word versamel van verskeie persone wat die fenomeen beleef het en ge-analiseer deur dit te reduseer na waardevolle stellings en kombineer dit in betekenisvolle temas. Die navorser ontwikkel ŉ inhoudelike beskrywing (wat deelnemers beleef) en die gestruktureerde beskrywing (hoe deelnemers dit beleef). Die kombinasie van die twee beskrywings laat die essensie van die ervaring ontvou.




**Figuur 5: Die essensie van die fenomeen volgens transendentale fenomenologiese navorsing van Creswell (2013:80)**

## 3.5 Betroubaarheid

Die bevindinge is met die deelnemers gekommunikeer, sodat dit vergelyk kon word met dit wat hulle ondervind het; sodoende word die betroubaarheid van die bevindinge verseker. "Once as exhaustive a description as possible was rendered, it could be returned once again to each research participant for final validation" (Laverty, 2003:20). My rol as navorser is van die begin af duidelik aan die deelnemers gestel. Ek het sonder vooroordeel of aannames die navorsing gedoen. Volgens Creswell (2013:251, 252) behoort die volgende strategieë van betroubaarheid gevolg te word: "clarifying research bias, prolonged engagement and persistant observation and rich, thick description".

Creswell (2013:260) noem dat daar sekere standaarde is waaraan die kwaliteit van ŉ fenomenologiese studie onderwerp behoort te word:


- verstaan die skrywer die filosofiese agtergrond van die fenomenologie?
- het die skrywer ŉ duidelike fenomeen om te bestudeer op ŉ samevattende manier?
- gebruik die skrywer die fenomenologiese data-analiseringsprosedures?
- dra die skrywer die volledige essensie van die ervaringe van die deelnemers wat ŉ beskrywing van die ervaringe en die konteks waarin dit plaasgevind het insluit oor?

## 3.6 Deelnemers

Kwantitatiewe data wat aangebied word in kwalitatiewe navorsing is volgens Merriam (2009:96, 97) ŉ geskikte benadering om demografie en spesifieke kenmerke te beskryf. Die profiel van die Con Amoré-orkes word deur middel van die volgende sirkeldiagramme uiteengesit en fokus op die musiekgrade (kyk figuur 6), skoolgrade (kyk figuur 7), instrumente (kyk figuur 8) wat die leerders bespeel, tale (kyk figuur 9) en die rassegroepe (kyk figuur 10) van die orkeslede. Sodoende kan die leser ŉ geheelbeeld van die profiel en die geboue uitleg kry waar die data insameling plaasgevind het.


### 3.6.1 Profiel van die Con Amoré-orkes

In 2013 was daar 31 orkeslede in die orkes.





**Figuur 6: Musiekgrade van die 31 orkeslede**

Dit blyk dat die meeste orkeslede op die standaard van die Trinity Guildhall gegradeerde musiekeksamens van graad 4 en die minderheid van graad 1 is. Die repertorium van die orkes bestaan uit werke van verskillende style en moeilikheidsgrade.





**Figuur 7: Skoolgrade van die 31 orkeslede**

Die senior grade vorm die kern van die orkes. Dit het ’n positiewe invloed op die jonger leerders en vorm ŉ orkesspeel-tradisie. Die feit dat die orkes aan uitsoekbyeenkomste deelneem soos die Suid-Afrikaanse Marsorkes Vereniging (SAMOV) se nasionale orkeskompetisie en die Tshwane Jeugkunstefees maak deelname ’n prestige aangeleentheid.





**Figuur 8: Instrumente wat deur die 31 orkeslede bespeel word**

Daar is oorheersend houtblasers in die Con Amoré-orkes en daarom is die korrekte asemhaling waar die longe en diafragma gebruik word van kardinale belang. Die bespeling van blaasinstrumente bevorder goeie asemhalingstegnieke wat bevorderlik is vir die asemhalingstelsel – veral vir die tiener wat fisiek nog besig is om te ontwikkel. Alhoewel die fluite die meeste is, het die orkes ’n interessante klankkleur. Dit stel wel uitdaginge aan die keuse van repertorium.




**Figuur 9: Tale van die 31 orkeslede**

Alhoewel die skool Afrikaans en Engels as onderrigtaal gebruik, is die meeste orkeslede Afrikaans. Die skool is geleë in ’n hoofsaaklik Afrikaanse gemeenskap.





**Figuur 10: Rassegroepe van die 31 orkeslede**

In verhouding met die blanke leerders is die ander drie rassegroepe in die minderheid.

Die orkes oefen in Vereeniging by Hoërskool Drie Riviere in die woonbuurt Drie Riviere. Hulle oefen twee-weekliks in die skoolsaal. Musieklesse vind plaas in die

klankdigte musiekklasse in die kelderverdieping en op die tweede vloer soos aangedui in figuur 11.




**Figuur 11: Vloerplan van die skoolsaal, Johan van Rensburg teater en klankdigte musiekklasse**

Daar is tans tweehonderd leerders wat musieklesse by die Drie Riviere Konservatorium neem. Die klasse word slegs vir individuele musieklesse asook klein musiekteorie-groepklasse gebruik, omdat die spasie beperk is.

### 3.6.2 Geskiedenis van die Con Amoré-orkes

Die volgende inligting is geneem uit ’n inligtingstuk van die Drie Riviere Konservatorium (Human & Ahlers, 2009). Die Con Amoré-orkes is ’n skoolorkes wat van die ontstaan daarvan deel was van Hoërskool Drie Riviere. In 1962, toe die skool gestig is, was daar ’n klein ensemble wat meestal uit blokfluitspelers bestaan het. In die vroeë 1970’s het dit uitgebrei na ’n orkes wat toe bekend was as die Drie Riviere-orkes en bestaan het uit verskeie blaasinstrumente. In die 1980’s het dr. Vanessa Burger die orkes afgerig. Vanaf 1991 was ek die hoof van die Drie Riviere Konservatorium en het ook die orkes oorhoofs bestuur en bemark sodat genoeg nuwe leerders jaarliks opgelei kon word om by die orkes aan te sluit.

Deur die jare het die orkes vele gedaanteverwisselinge ondergaan. Die getalle het jaarliks gewissel soos die matrieks die orkes verlaat en nuwe leerders aangesluit het. Daar was ook vanaf die tagtigerjare twee verskillende orkeste. Die Drie Riviere orkes en die Kadetorkes in die tagtigerjare, en in die negentigerjare die Simfoniese Blaasorkes wat afgerig is deur mnr. Frans Conradie en die Jazz-orkes wat afgerig is deur mnr. Jeff Owen. Die Simfoniese Blaasorkes het eers in 1998 onder leiding van mev. Philma Bisschoff die naam Con Amoré-orkes gekry. Die naam Con Amoré is afkomstig van Italiaans wat beteken “met liefde”. Na ses maande het daar ’n behoefte ontstaan vir ’n beginnersorkes en so het die “Unpitched” orkes vanaf 1998 tot aan die einde van 2001 bestaan. Die doel van die orkes was om leerders wat nog nie in die Con Amoré-orkes kon speel nie, op te lei deur makliker stukke te speel en vertroud te raak met die milieu. Die orkeste het jaarliks aan die Vereeniging Kunsfees deelgeneem en telkens met die hoogste lof weggestap.

Die Jazz-orkes het in 1995 en 1997 aan internasionale orkestrades en werkswinkels op die eiland Reunion deelgeneem en in 1996 in Brive-La-Gaillarde (Frankryk). In 1995 was die Jazz-orkes die wenners in die volwasse Jazz-afdeling van die Internasionale Eisteddfod van Suid-Afrika in Roodepoort en het ook in Grahamstad tydens die jaarlikse Jazz Festival opgetree. Die verskillende orkeste van Hoërskool

Drie Riviere, die koor en soliste het alreeds drie CD's in 1994, 1996 en 2000 vrygestel. Die name van die CD's is onderskeidelik *Driekuns*, *Musica* en *Drie Riviere Konservatorium*. Volgens Ryan (2009:77) is dit van groot waarde dat daar 'n opname van uitvoerings gemaak word oor die jare en dat daar met die uittrede van lede weer daarna gekyk word om te sien hoe hulle musikaliteit en voordrag gegroei het oor die jare. Die orkeste het aan die tweejaarlikse Internasionale Tygerberg Musiekfees by Tygerberg (Kaapstad) deelgeneem in 1996, 1998, 2000 en 2002.

Die volgende en huidige dirigent, mev. Dalien Ahlers, het in Januarie 2004 die Con Amoré-orkes oorgeneem. Van 2004 is die orkes verder opgebou en uitgebrei, en het die afgelope tien jaar 'n konstante ledetal van tussen dertig en sewe-en-dertig leerders. Daar word gereeld opgetree by funksies, konserte, musiekfeeste en kerkgeleenthede. "There may be no better way to put your school name on the map than to make a good showing at musical festivals and competitions" (Ryan, 2009:71). Koerantberigte waarin van die orkes melding gemaak is: "die orkes het ook Woensdag 10 Oktober in Krugersdorp die gehoor op hul voete gehad tydens die nasionale magneetskoolfees" (Human, 2012:3) en "the Con Amoré orchestra had their last performance of 2013 and the gala evening took place in the Johan van Rensburg Theatre in Vereeniging" (Human, 2013:2).

By die Con Amoré-orkes is die dirigent ook die bestuurder van die orkes. Ek is die dirigent se hulp – veral by kampe, toere en marathon oefeninge voor belangrike optredes. Die dirigent van die Con Amoré-orkes het 'n projek van stapel gestuur wat deur middel van private befondsing die minder bevoorregte of behoeftige leerders se musieklesse borg. Die projek word as die MIA (Musiek In Aksie / *Music In Action*) projek beskryf. Leerders word gekeur en moet aan sekere kriteria voldoen om deel te word van die projek.

Vanaf 2004 het die dirigent van die orkes jaarliks die laaste naweek van Februarie 'n orkeskamp gereël waar die nuwe repertorium van die jaar ingeoefen word. Tydens die orkeskamp sosialiseer die leerders op informele vlak met mekaar. Nuwe orkeslede skakel in en raak meer vertroud met die orkes se opset en tradisies. Elke jaar is daar met groot moeite 'n geskikte kampterrein gesoek wat aan die nodige vereistes voldoen – 'n groot genoeg saal vir die orkes om in te oefen en wat

toegesluit kan word sodat die duur instrumente veilig kan wees as die leerders klaar geoefen het.

Tradisies van die orkes is ook gevestig soos dat daar jaarliks 'n seremonie is waarby die matrieks hul "groen en goud" baadjies moet ingee en dan van hul afskeid geneem word en hul 'n CD met foto's ontvang van al die jare wat elkeen van hulle in die orkes was. Die orkesleiers word jaarliks deur die orkeslede gekies deur middel van 'n skriftelike stemproses. Portefeuljes word toegeken soos hoofleier, onderhoofleier, sosiaal, klere en netheid, musiek, orkeskamer, voorraad, persoon wat sleutels hanteer, finansies en presensie en bagasiemeester.

Vanaf die ontstaan van die Con Amoré-orkes het hulle die kenmerkende "groen en goud" baadjie met 'n swart broek en swart skoene gedra. In 2009 met die toer na Europa waar die orkes aan die 38ste Internasionale Jeug Musiekfees in Wene deelgeneem het, het hulle die Suid-Afrikaanse vlag op die regterbors en linkermou van die baadjie gedra (kyk figuur 12). In 2010 het 'n behoefte vir meer formele aanddrag ontstaan. 'n Wynrooi lang rok met goue omboorsels en 'n kort baadjie wat daarby pas vir die meisies en 'n swart baadjie met goue omboorsels is vir die seuns laat maak soos gesien kan word in figuur 13.



**Figuur 12: Orkeslede met "Groen en Goud" klere in die skoolsaal**



**Figuur 13: Orkes met formele drag in die Johan van Rensburg teater**

Van die leerders het oudisies geslaag en is deur die jare gekies om in ander nasionale orkeste ook te speel soos die Johannesburg Youth Orchestra, die Noordwes-Jeugorkes en die Simfonia Juventi Jeugorkes in Johannesburg.

## 3.7 Etiek

Voordat die navorsing ŉ aanvang geneem het, is toestemming van die skoolhoof en die dirigent van die Con Amoré-orkes verkry. Die leerders waarmee ek onderhoude gevoer het, asook hul ouers, het ŉ vorm voltooi waarin hulle hul toestemming tot deelname aan die navorsing gegee het (kyk Bylae A). Volgens Maree (2011:42) is die beskerming van die identiteit van die deelnemers ŉ belangrike etiese aspek, asook om die toestemmingsbrief te kry wat toestemming gee om onderhoude te kan voer. Die etiekdokumentasie van die Noordwes-Universiteit is voltooi en goedgekeur. en my etieknommer is NWU-00181-13-A7.

Volgens kwalitatiewe navorsing se vereiste is die aard en doel van die navorsingsprojek aan die deelnemers verduidelik. Dit is duidelik gemaak dat hul anonimiteit behou sal word en dat hulle geensins deur die navorsing benadeel sal word nie. Kokotsaki en Hallam (2007:96) het in hulle navorsing die name van die respondente verander om anonimiteit te verseker. Hulle sal vrywillig deelneem en mag enige tyd onttrek as hulle dit sou verkies. Die nodige etiese standaarde moet volhoubaar wees:

> Established clear agreements with research participants, recognized the necessity of confidentiality and informed consent, and developed procedures for insuring full disclose of the nature, purpose, and requirements of the research project (Moustakas, 1994:109).

## 3.8 Samevatting

Die fenomenologiese benadering is die beste keuse vir my navorsing waar gefokus word op die deelnemers se ervaringe van in die orkes speel. Deurdat ek baie betrokke is by die deelnemers vertrou hulle my en kan ek die ware essensie van hul belewinge verstaan en beskryf. My interpretivistiese wêreldbeskouing is gebruik om die gedeelde ervaringe van deelnemers vas te lê. Die korrekte etiese riglyne is gevolg om die studie volhoubaar te maak. In die volgende hoofstuk word die data wat versamel is ontleed.

# HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE

## 4.1 Inleiding


Hierdie transendentale fenomenologiese studie is gedoen om die betekenis van die orkeslede se gedeelde ervaringe te beskryf. Daar is ses onderhoude met ses orkeslede van verskillende ouderdomme (graad nege tot twaalf leerders), drie meisies en drie seuns gevoer (kyk tabel 1). Hierdie onderhoude is getranskribeer en in die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram ingevoer (kyk Bylae B). Die navorser het ŉ aanvanklike kodering gedoen (kyk fase 1 in bylae B) en daarna die finale kodering (kyk fase 2 in bylae B). Daar het ses temas, eenhonderd-en-tien kodes, drie-en-twintig kategorieë en ses subkategorieë na vore gekom. Dit word vervolgens bespreek.

## 4.2 Temas

Die onderhoude wat met die orkeslede gevoer is asook hul skuilname en verdere besonderhede word in tabel 1 weergegee. Die ses temas wat die betekenis van die gedeelde ervaringe van die orkeslede weergee is *omgee*, *betekenisvolheid*, *ontwikkeling*, *negatiewe ervaringe*, *dissipline* en *genot* soos gesien kan word in figuur 14. Dit word vervolgens bespreek na aanleiding van die onderhoude wat met die orkeslede gevoer is.

**Tabel 1: Orkeslede met wie onderhoude gevoer is**


| Getranskribeerde onderhoud nommers soos op die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram | Skuilnaam | Instrument | Musiek Graad | Skool Graad |
|---|---|---|---|---|
| P1 nr 30 | Retha | Klarinet | 5 | 12 |
| P2 nr 12 | Louis | Altsaksofoon | 5 | 9 |
| P3 nr 3 | Pieter | Baskitaar | 4 | 10 |
| P4 nr 11 | Jason | Tromme | 6 | 12 |
| P5 nr 18 | Hazel | Dwarsfluit | 6 | 12 |
| P6 nr 13 | Marie | Dwarsfluit | 3 | 10 |




**Figuur 14: Samevatting van die temas**

### 4.2.1 Tema 1: Omgee – "ons is altyd daar vir mekaar"

Die kategorieë wat by die eerste tema bespreek gaan word, is die saam gesels en saam grootword, die ouer en musiekonderwyser se aanmoediging en motivering en die vertroue in mekaar. Die voorstelling van die tema "omgee" soos gesien kan word in figuur 15.




**Figuur 15: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "omgee"**

Die orkeslede van die Con Amoré-orkes het die omgee vir mekaar intens ervaar. Vir Marie is dit belangrik om te weet dat "ons altyd daar is vir mekaar" en dit word geassosieer met vertroue. Orkeslede laat ander welkom voel in die orkes en daar is vertroue onder mekaar soos [2]Louis noem dat

> [want] daarso [by die orkesoefeninge] jy voel nie jy kan [nie], jy hoef nie enigiets weg te steek nie. Ek voel altyd deel van die groep want dis soos 'n familie vir my. Dis altyd lekker om saam te gesels, soos asof elke liewe een individueel deel van jou familie is.

Hulle stel opreg belang en reik uit na mekaar en sodoende word vriendskapsbande gevorm. Die noue kontak laat dit vir die orkeslede voel asof hulle 'n familie is, want hulle ontwikkel saam en word saam meer volwasse. Jason beweer: "Jy word saam groot, jy, die waardes wat jy leer saam [sic]". Deel van die omgee is om saam te gesels soos Pieter dit stel: "soos byvoorbeeld Kenny wat in 'n ander skool is sien ek nou nie eintlik andersins nie, en hier by die orkes kan ons *actually* lekker praat en dis lekker" en "dis … lekker om orkes te oefen om half bietjie vroeër hierso aan te kom en dan net soos voor die tyd te staan en praat met almal – dis lekker".

---


2 Slegs skuilname word in die skripsie gebruik.

Bestaande orkeslede help nuwe orkeslede met bladmusiek en vingersettings op die houtblaasinstrumente wat hulle nog nie ken nie. Jason sê ernstig dat “ek sal my vriend as ‘n voorbeeld nou gebruik, soos in die orkes is waar ek die dag toe ek inkom, dis waar ek my beste vriend ontmoet het”. Leiers gee hulp aan orkeslede. Hazel sê ernstig: “*My role as the music leader is to help those that first come into the orchestra*”. Pieter sê met deernis: “en ek sal soos byvoorbeeld kyk soos hoe hy speel en dan kyk of hy dit reg speel en ek onthou toe ek net ingekom het en ek het skaars geweet hoe om baskitaar te speel, het Karel my baie gehelp aan die begin en dit het my nogals [laat] voel ok, hy help my nou en ek voel ek behoort hier en ek kan nou saam met hulle speel”.

Die ouers se aanmoediging en ondersteuning speel ŉ groot rol in die ervaring van omgee, omdat hulle die orkeslede aanmoedig en motiveer – veral die ouers wat self ‘n musiekagtergrond het. Die meeste aanmoediging kom egter van die musiekonderwysers soos wat Hazel dit met waardering stel*: “I would never be able to do this without you”.*

### 4.2.2 Tema 2: Betekenisvolheid – “dit beteken eintlik iets”

Die tema “betekenisvolheid” word in figuur 16 geïllustreer. Om aan die orkesgroep te behoort het vir die orkeslede baie waarde. Die kategorieë wat bespreek gaan word is: behoort, toekomsvisie, ŉ droom wat waar word, musiekidentiteit en motivering.




**Figuur 16: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "betekenisvolheid"**

Die orkeslede put waardevolle betekenis uit hul ervaringe in die Con Amoré-orkes. Orkeslede voel hulle behoort tot die orkes. Louis verduidelik "ek geniet dit verskriklik baie en solank dit net nooit toemaak nie is ek *happy*" en verder noem Louis "ons speel saam as 'n groep en verstaan saam as 'n groep". Vir Jason is dit belangrik dat hy altyd deel voel van alles en vertel met erns "almal moet weet musiek is nie net sommer net enigiets nie – dit beteken eintlik iets". Dit is vir hulle betekenisvol om aan die orkes te behoort en deel te wees van die groep.

Toekomsvisie is baie belangrik vir orkeslede want dis musikante en musiekonderwysers in wording – soos Hazel dit stel: "*Uhm but ja, I'm definitely wanting to become a music teacher, né*" en "*I will make you that musician you would want to be in the near future*". Dit is vir Hazel 'n droom wat waar geword het dat sy in haar pa se voetspore kan volg om 'n musikant te word: "*And today, out of all these years I find that I can be like my father – not as good though, but good in my own way to think that I have accomplished that dream*".

Deur te behoort aan die orkes kry orkeslede erkenning omdat musiek 'n unieke talent is en dit deel is van hul musikale identiteit. Musiekonderwysers word waardeer omdat hulle ondersteuning bied en aanmoediging gee. Die saamwees is vir


orkeslede baie betekenisvol en dit is ook ’n ontsnapping vir hulle. Marie beleef ontsnapping deurdat sy voel dat “dit [haar] laat [my] vergeet van [my] alledaagse probleme”. Die feit dat orkeslede baie trots is om deel te wees van die orkes was baie prominent in die onderhoude (16 verwysings), Jason verduidelik dit soos volg: “Nie almal doen musiek nie en die feit dat jy in die orkes is en jy speel so groot rol. Ek is trots daarop. Dis baie lekker”. Voornemende orkeslede word gemotiveer om deel te word van die orkes. Marie vertel: “Ek is trots daarop met die wete dat ek het ’n talent wat niemand anders het nie. Ek is unieker as enigiemand anders.”

### 4.2.3 Tema 3: Ontwikkeling

By hierdie tema het daar twee kategorieë na vore getree, naamlik persoonlike ontwikkeling en die ontwikkeling van vaardighede.

#### 4.2.3.1 Tema 3.1:Persoonlike ontwikkeling – “my selfvertroue verbeter”

Persoonlike ontwikkeling (kyk figuur 17) vind plaas op vele vlakke wat die emosionele en fisiese ontwikkeling insluit, sowel as om die orkeslede se selfvertoue te verbeter en hul leierseienskappe na vore te laat tree.




**Figuur 17: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "persoonlike ontwikkeling**

Persoonlike ontwikkeling op emosionele vlak was dat die orkes die lede se skeppingsdrang en ekspressie bevorder. "Maar uhmm ... ek sal rerig sê die manier hoe ek voel [word] weerspieël in die musiek wat ek maak, altyd" en dit verander ook emosies ... "maar soos as ek nou ŉ slegte dag gehad het of ŉ lang dag by die skool gehad het en ek kom by die orkes, ek meen, maak nie saak hoe kwaad ek daar instap nie, ek *smile* altyd na twee minute wat ons daar is" vertel Jason.


Op fisiese vlak verbeter dit die orkeslede se voorkoms soos Hazel dit beleef: *Then you'll see next week at orchestra practice, I'll be much much better. You'll see I will look pretty"* en dit help om fisiese veranderinge en ontwikkelinge saam te hanteer. Louis stel dit soos volg: "Ja, [as ons] met mekaar praat en [saam] voel ... [weet jy] die ander voel dieselfde en so". Hulle uithouvermoë verbeter, want hoe langer hulle in die orkes speel hoe meer kan hulle vir langer periodes aanmekaar speel. Aan die begin raak hulle gou moeg. Die orkeslede ervaar goeie interpersoonlike verhoudinge en Retha beleef dit so: "Want mens raak naderhand soos ŉ klein familie". Hulle

ontwikkel ŉ goeie selfbeeld: "jy voel jy doen ŉ goeie positiewe ding vir jouself" en "ek dink nie ek sou ek gewees het nie (ons lag), want almal ken my as die persoon wat musiek speel en in die orkes is" (Retha).

Orkeslede se selfvertroue verbeter en hulle gebruik die volgende woorde om dit te beskryf: "karakterbou", "jy kan dit doen", "om voor mense te praat" en "dan word jy meer gewoond [daaraan]". "Dit het my net gehelp om meer ... kan jy sê ... oop te wees teenoor alles" beaam Jason. Harde werk is die moeite werd en volharding word gekweek deur gereelde oefening. Kennis brei uit en konsentrasie, selfvertroue en kommunikasie verbeter. Lede ontwikkel leierseienskappe, soos dat Retha van mening is "dit was goed gewees om te ervaar hoe ek by die orkes en nie net by die skool nie met verskillende groepe kinders heeltemal verskillende [groep kinders] leiding [kan] neem". Daardeur verbeter hulle sosiale vaardighede. Vir Retha is dit belangrik om te sosialiseer terwyl mens in die orkes is. Dit is vir Pieter van waarde om in die orkes met verskillende kulture en ook ander kinders soos *home school* kinders in aanraking te kom. Deur in die orkes te speel kweek dit volharding en lede organiseer hulle eie lewe beter, omdat hulle tyd beperk is, want die orkes en musiek neem meer tyd van hulle lewe in beslag. Hulle skoolpunte en insig verbeter. "Ek dink deur my tyd so te beheer het my punte baie verbeter" verduidelik Jason.

#### 4.2.3.2 Tema 3.2: Ontwikkeling van vaardighede: "altyd iets oor en oor gedoen totdat ons dit regkry"

Vaardighede wat ontwikkel (kyk figuur 18) deur in die orkes te speel is die verbetering van die tegniek op die instrument wat bespeel word sowel as die aanleer van goeie oefenmetodes en die bespeling van ŉ tweede of derde instrument.





**Figuur 18: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "ontwikkeling van vaardighede"**

Orkeslede se vaardighede op die instrument wat hulle bespeel verbeter. Hulle bladlees, asemhaling en spel verbeter. Gehoorontwikkeling vind plaas omdat orkeslede na mekaar en die musiek moet luister terwyl hulle in die orkes saamspeel. Pieter sê dat "toe van daar af toe wil ek *actually* die liedjies speel, want dit was lekker om – dit was 'n goeie klank om te hoor". Daar vind ook ontwikkeling van vaardighede plaas omdat hulle moet aanhou speel al het hulle 'n fout gemaak en nie elke keer te stop soos hulle doen as hulle alleen oefen nie. Louis beaam dit soos volg: "want soos met daai soos as ons oefeninge op Saterdae het die marathon oefeninge, het ons altyd iets oor en oor gedoen totdat ons dit regkry". Hulle leer in die orkes hoe om te oefen. Hulle het byvoorbeeld geleer om die dele in die musiek waarmee hulle sukkel te herhaal tot hulle dit regkry, omdat die dirigent dit so doen en hulle haar as voorbeeld nadoen. Hazel voel baie sterk daaroor dat "*I also show you that you must listen and your wrong notes – sometimes you play wrong (she frowns and pauses) and then you have to be able to pick that up from the other people sitting next to you*". Volgens Retha moet 'n mens "op die ou end saam musiek maak en mekaar aanvul en alles".

Baie van die orkeslede begin aanvanklik met blokfluitlesse en neem dan later ŉ orkesinstrument sodat hulle in die orkes kan speel. Nuwe orkeslede begin op die beginnersvlak in die orkes en kry meer senioriteit soos hulle musiekvaardighede verbeter. Baie van die orkeslede wil ŉ tweede of derde instrument leer bespeel. Louis en Jason sal graag klavier wil leer speel en Louis wil ook graag leer viool speel. Pieter het aanvanklik kitaar leer speel, maar het later begin met baskitaar.

### 4.2.4 Tema 4: Negatiewe ervaringe – "ek was so onseker"

Die negatiewe ervaringe (kyk figuur 19) wat die orkeslede beleef is baie gering in vergelyking met die positiewe ervaringe en hou meestal verband met uitputtende orkesoefeninge, gebrek aan dissipline en kennis, orkeslede wat nie aanklank vind by musiekonderwysers nie en aanvanklike moeilike sosiale aanpassing soos ek in hierdie gedeelte sal verduidelik.




**Figuur 19: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "negatiewe ervaring"**

In hierdie tema het die orkeslede die negatiewe ervaringe van die orkes uitgelig. Hulle beleef dat saam met die orkes as buitemuurse aktiwiteit hulle te veel aktiwiteite het. Orkesoefeninge kan uitputtend raak omdat hulle baie ure per week daaraan wy. Louis is van mening dat "nee ek is nie rerig moeg nie, maar partykeer as jy – nadat

jy klaar saksofoon gespeel het is jou lippe dalk seer". Sommige van die leiers beleef dit dat die orkeslede nie vir hulle luister nie en ook nie respekteer nie. Hazel hou nie daarvan om dissipline in die orkes toe te pas as die dirigent nie daar is nie: *"Sometimes I just want to bite my head off, because like no one listens".*

Orkeslede ervaar die gebrek aan kennis as frustrerend. Goeie kennis is nodig om verskillende musiekstyle te interpreteer en te waardeer. Hazel is van mening dat: *"because they don't have the musical insight any more",* mense deesdae nie goeie musiek kan waardeer nie. Hazel voel verder baie sterk oor die gebrek aan goeie musieksmaak en raak vurig oor die rapmusiek se sterk ritmes en verwoord dit as volg : "*You find that today they've actually ruined those songs by taking the lyrics and putting it with some other horrible beats (she points her finger in the air) and then they rap between it and it's like – what the hell, and the fact that today's generation does not know that this song came from the nineteen-eightees*. *It's terrible"*. Die orkeslede vind nie altyd aanklank by hul praktiese musiekonderwysers nie. *"You know what (pause), some teachers you don't click with and others you do"* is Hazel se opinie. Sy is ook van mening dat ouers nie altyd weet hoe en hoe lank hulle kinders musiek moet oefen nie.

Wanneer nuwe orkeslede by die orkes aansluit is hulle meestal skaam en teruggetrokke. Hulle moet aanpas by die nuwe omstandighede en mekaar leer ken soos Pieter dit stel: "en partykeer het jy net 'n slegte dag gehad en dan maak jy 'n grap met iemand wat hulle nie eintlik soos sal geniet nie en dan reageer hulle maar negatief". Pieter sê dat almal "af" dae het. Jason voel dat "toe ek daar aangekom het was ek baie klein (hy lag), ek was so onseker en als en het nooit voor mense rerig gepraat nie, maar was altyd so bang om voor mense te praat". Marie voel soms uitgelaat uit die groep, omdat elkeen besig is met hulle eie "goed", maar dit hang ook af van watter soort dag sy agter die rug het.


Daar is een reël van die orkes waarmee vier orkeslede nie saamstem nie – as 'n leerder deel van die orkes is, moet musiekonderrig by die Drie Riviere Konservatorium plaasvind, maar indien sy die orkesbywoning staak en sy huur 'n orkes-instrument, kan sy nie met lesse op daardie instrument by die Konservatorium voortgaan nie. Die instrument word dan aan 'n ander leerder verhuur wat in die orkes is of musieklesse wil neem met die oog om later by die orkes aan te sluit sodra sy

die vereiste standaard bereik het. Pieter sê: "as ek nou een ding moet sê wat ek half nie saamstem met die orkes nie, is dat soos nou byvoorbeeld in Jamie se geval wat nou tenoorsaksofoon wou speel en toe sê hy, hy wil ophou met orkes en aanhou met tenoorsaksofoon" en dit word nie toegelaat nie.

Die negatiewe ervaringe word beleef as gevolg van 'n paar faktore maar veral as daar nie dissipline in die orkes toegepas word nie.

### 4.2.5 Tema 5: Dissipline – respek en ordelikheid in die orkes

Deur reëls vas te lê in die orkes word die basis geskep vir ordelikheid, goeie dissipline (kyk figuur 20) en respek. Die orkeslede het ook intrinsieke motivering deurdat hulle respek het vir mekaar en die dirigent. Orkeslede is meer gedissiplineerd omdat hulle dit leer uitoefen terwyl hulle deel is van die orkes. Kategorieë wat onder tema vyf sorteer is die toepassing van reëls, beplanning van orkesoptredes, leiers wat die dirigent help en orkeslede wat leiers respekteer.




**Figuur 20: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "dissipline"**

Die orkeslede ervaar dat dissipline 'n belangrike deel van die orkes is. Daar moet reëls in die orkes wees en Jason voel sterk daaroor: "Ja, daar moet altyd reëls wees


in die orkes, anders is dit net chaos (hy klap sy hand op die ander), maar ek dink ook die kinders in die orkes – niemand gee nie regtig probleme nie – almal hou by die reëls". Verrigtinge moet ordelik geskied. Die dirigent gee inligting soos byvoorbeeld die beplande optredes, soos Retha dit stel: "dan bespreek ons maar gewoonlik dadelik dit wat die volgende week gaan gebeur".

Die leiers speel 'n belangrike rol om die dirigent te help met dissipline in die orkes. Hulle neem selfone in sodra die orkes begin oefen. Orkeslede ondervind dat leiers hulle werk goed doen. Wat die orkeskampe betref gee hulle die nodige instruksies oor die oefenroetine. Hazel sê daar word baie ure aan die inoefening van nuwe repertorium bestee, maar die orkeslede kry ook kans om sosiaal te verkeer. Leierskap ontwikkel en Hazel se siening is: "*you know I suppose it always like toughens you up a bit you know*". Leiers verwys probleme wat hulle nie self kan hanteer nie na die dirigent. Orkeslede moet leiers respekteer en daar moet respek en self-dissipline wees. Pieter lug sy mening oor die respek wat die jonger orkeslede vir die seniors in die orkes het en andersom: "ek dink die jonger kinders kyk baie op na die leiers want omdat ons half die jonger seuns is en ja – ek weet nie – en dink hulle kyk op na hulle [seniors] sou ek maar sê en soos die ouer kinders wat hulle nou al meer ken respekteer hulle. Outoriteit en so-aan". Hazel sê: "*so you have to love music to be able to have that self-discipline to actually say okay I'm going to do it now!*" waarmee sy bedoel dat sy self-dissipline moet toepas om haar musiekstukke en tegniese werk te gaan oefen.

Deurdat dissipline in die orkes toegepas word, weet die leerders wat van hulle verwag word en kan hulle hulself uitleef in die orkes en dit geniet.

### 4.2.6 Tema 6: Genot – "daar is niks wat ek nie geniet nie"

Die genot (kyk figuur 21) van musiek is vir die orkeslede van onskatbare waarde, want dit is die rede waarom hulle deel is van die orkes. Hulle geniet ook die omgee vir mekaar. Kategorieë wat by die tema hoort is orkeslede wat dit geniet om in die orkes te speel, hulle geniet die tipe musiek wat hulle daar speel, daar heers 'n aangename atmosfeer in die orkes, hulle beleef goeie ervaringe en die sosialisering van orkeslede onder mekaar.




**Figuur 21: ATLAS.ti 7 se voorstelling van die tema "genot"**

Die belewing van genot was prominent onder die meeste van die orkeslede. Daar was 26 verwysings na hoe hulle dit geniet om in die orkes te speel en 13 verwysings na hoe hulle dit geniet om saam musiek te maak. Louis noem dat "sodra ons soos in [die speel] ritme is, dan wil jy net nie ophou nie" en Jason sê: "nie almal doen musiek [as vak of buitemuurse aktiwiteit nie] nie en die feit dat jy in die orkes is [en jy] speel so groot rol. Ek is trots daarop". Retha sê: "daar is niks wat ek nie geniet nie". Die tipe musiek wat hulle speel asook om voor 'n gehoor op te tree geniet hulle baie. Genotvolle orkeskampe en toere is hoog op die lys van genietinge. Volgens Retha is "die Kaaptoere ... dink ek [net] ... vir almal die lekkerste gedeelte omtrent van die orkes". Daar is 10 inskrywings van "goed voel" en 14 van "goeie ervaring". Retha gaan voort en sê "ek geniet dit om myself in die musiek in te leef". Om deel te wees van die orkes laat orkeslede ontspan, want die orkes het 'n lekker atmosfeer, soos Hazel dit stel: *"because afterwards everyone is nice to each other, you making jokes – it's so relaxed"*. Orkeslede voel energiek na orkesoefeninge soos Louis dit beleef: "want as ons daarso uitkom dan voel ek ek wil by die huis my boek oopmaak en speel en dit maak my baie eintlik soos lewendig en maak my baie gelukkig". Om te sosialiseer word ook geniet soos om speletjies te speel voor of na orkesoefeninge en tydens orkeskampe. Daar is 'n positiewe houding van orkeslede volgens Marie: "en

ek het geleer om nie moed op te gee nie” en Retha: “ek geniet myself as ek musiek speel”. Vir Jason is die feit dat hy in die orkes speel belangrik, want nie almal beoefen musiek nie. Dit speel ’n groot rol in sy lewe en hy is trots daarop en geniet dit baie.

## 4.3 Samevatting

Wat en hoe orkeslede die orkes ervaar is saamgevat deur die ses temas wat bespreek is en dit gee betekenis aan die Con Amoré-orkeslede se gedeelde ervaringe – hetsy positief of negatief. Die oorgrote meerderheid leerders se reaksie het gesentreer om die positiewe gevoelens wat hulle beleef om in die orkes te speel. Dit is vir hulle van groot waarde. Daardeur bou hulle vriendskappe wat lank nadat hulle in die orkes gespeel het nog bly voortbestaan.

# HOOFSTUK 5: BESPREKING, UITKOMSTE EN GEVOLGTREKKINGS

## 5.1 Inleiding

Musiek is my passie en daarom het ek hierdie navorsingsprojek aangepak wat handel oor die betekenis van die gedeelde ervaringe van die orkeslede in die Con Amoré-orkes. My fokus was "hoe" (die strukturele) en "wat" (die inhoudelike) die orkeslede se ervaringe is. Die impak van hul belewinge word onderskat en nadat die onderhoude gevoer is en die data gekodeer is, kan die diepte daarvan eers waargeneem word. In hierdie hoofstuk gaan ek die temas wat in Hoofstuk 4 na vore getree het en die literatuur wat in Hoofstuk 2 beskryf is, verbind. Verder sal die hoofnavorsingsvraag in hierdie hoofstuk saamgevat word: Watter betekenis put die Con Amoré-orkeslede uit hulle gedeelde ervaringe?

## 5.2 Gevolgtrekkings

Die gedeelde musiekervaringe van die orkeslede is deur middel van getranskribeerde onderhoude gekodeer. Die volgende ses temas het daaruit ontwikkel soos bespreek is in Hoofstuk 4, naamlik *omgee, betekenisvolheid*, *ontwikkeling* (persoonlike ontwikkeling en ontwikkeling van vaardighede), *negatiewe ervaringe*, *dissipline* en *genot*. Die outeurs wat die onderwerpe beskryf word in tabel 2 genoem. Dit stem ooreen met die literatuurondersoek in Hoofstuk 2. Veral Morrison (2008), Ratner (1983), Clarke *et al.* (2012) sowel as Hewitt en Allan (2012) beskryf hierdie belewenis akkuraat en het my voorberei vir die tipe inligting wat ek deur onderhoudvoering gekry het.

**Tabel 2: Die temas, beskrywing daarvan en die outeurs wat die onderwerp beskryf**

| Tema | Beskrywing | Outeurs wat die onderwerp beskryf |
|---|---|---|
| Omgee | Orkeslede gee om vir mekaar, vertrou mekaar, moedig mekaar aan en voel soos 'n familie. | Morrison (2008)<br>Kokotsaki en Hallam (2007)<br>Clarke *et al.* (2010) |
| Betekenis-volheid | Deur in die orkes te speel is vir orkeslede betekenisvol en het baie waarde. Hulle voel hulle behoort aan 'n groep wat vir hulle kosbaar is Die sosiale interaksie van die orkeslede word intens ervaar. | Goodman (2002)<br>Wayman (2005)<br>Human en Ahlers (2009)<br>Kokotsaki en Hallam (2007)<br>Spies en Groenewald (2005)<br>Meyer (1970)<br>Small (1998)<br>Higgins (2007)<br>Countryman (2009)<br>Prendergast *et al*. (2009)<br>Human (2012)<br>Clarke *et al.* (2010)<br>Kramer (2002)<br>Hewitt en Allan (2012)<br>McGillen en McMillan (2005)<br>Morrison (2008)<br>Caswell (2007)<br>Ratner (1983) |
| Ontwikkeling: persoonlik<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>Ontwikkeling: vaardighede | Selfvertroue, selfbeeld, konsentrasie, uithouvermoë en kommunikasie verbeter. Emosionele ontwikkeling vind ook plaas. Musiek word as 'n loopbaan gekies.<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>Vaardighede soos bladlees en gehoor verbeter. Tyd word meer sinvol benut. | Rickels *et al*.(2013)<br>Pitts (2012)<br>Kramer (2002)<br>Elliott (2012)<br>Clarke *et al.* (2010)<br>Elliott en Silverman (2014)<br>Hanslick (1974)<br>Small (1998)<br>Lawson (2003)<br>Kokotsaki en Hallam (2007)<br>Robinson (1997)<br>Morrison (2008)<br>Goodman (2002)<br>Blacking (2000)<br><br>Davidson (2002)<br>Elliott (2012)<br>Morrison (2008)<br>Ryan (2009)<br>Pitts (2012)<br>Young (2010)<br>Kartomi (2012)<br>Clarke *et al.* (2010) |
| Negatiewe ervaringe | Negatiewe ervaringe is dat orkeslede moeg raak tydens oefeninge omdat hulle aan te veel aktiwiteite deelneem en dat hulle aanvanklik skaam en teruggetrokke is as hulle by die orkes aansluit. | Sorenson (2007)<br>Human (2012) |

| | | |
|---|---|---|
| Dissipline | Die handhawing van dissipline is van groot waarde vir die ordelike verloop van die orkes se oefeninge en optredes. | Davidson (2002)<br>Du Preez (1983)<br>Ryan (2009)<br>Davidson en King (2004) |
| Genot | Orkeslede geniet dit om in die orkes te speel asook om te sosialiseer soos op orkeskampe en –toere. | Ratner (1983)<br>Du Preez (1983)<br>Hewitt en Allan (2012)<br>Morrison (2008)<br>Serino (2006)<br>Goodman (2002)<br>Davidson en King (2004) |

### 5.2.1 Omgee

Die aanvangstema van die studie is *omgee*. Uit die data-insameling het dit na vore gekom dat die omgee vir mekaar van groot waarde is. Behalwe omgee vertrou die orkeslede mekaar en moedig mekaar aan. Hulle is daar vir mekaar en dit voel vir hulle soos een groot familie. Dit stem ooreen met die literatuur. Morrison (2008:168) beskryf dat orkeslede dit geniet om saam musiek te maak, terwyl Clarke *et al.* (2010:107) die belangrikheid van brûe bou oor kultuur- en geslagsgrense heen onderstreep. Vir Kokotsaki en Hallam (2007:96,99) is die trots wat die orkeslede in die orkes het van onskatbare waarde. Dit skakel aan by die tweede tema van betekenisvolheid – trots om aan ŉ groep te behoort.

### 5.2.2 Betekenisvolheid

Die tweede tema van die studie is *betekenisvolheid*. Deurdat leerders betrokke is by die orkes help dit hulle om met meer gemak die komplekse tienerfase te beleef. Hulle beleef emosies saam en voel dus nie alleen en uitgesluit nie. Die belangrikheid van die sosiale interaksie van die orkeslede was baie prominent tydens onderhoude. Die doel is om saam musiek te maak, maar hulle geniet mekaar se geselskap. Veral by orkeskampe word daar tot laatnag gesels en gekuier. Die orkeslede voel hulle behoort tot ŉ groep waar hulle hul passie kan uitleef en hulle voel baie sterk daaroor dat die orkes ŉ permanente aktiwiteit van die skool moet wees, omdat dit vir hulle so baie beteken. Human en Ahlers (2009:8) onderskryf die waarde van saam musiekmaak en die liefde vir musiek. Die sosiale waarde van saam musiekmaak word ook duidelik beskryf deur Goodman (2002:165), McGillen en McMillan (2005:12), Small (1998:133), Spies en Groenewald (2005:14,15), Morrison (2008:173), Wayman (2005:17,50) asook Kokotsaki en Hallam (2007:99) en dit stem ooreen met die orkeslede se ervaringe. Die belangrikheid daarvan om ŉ goeie

selfbeeld te bou met behulp van onderwysers en te voel hulle behoort tot 'n groep soos die orkeslede dit ervaar het, word versterk deur Human (2012:4), Higgins (2007:283), Clarke *et al.* (2010:165), Hewitt en Allan (2012:267,268), Countryman (2009:98) en Caswell (2007:6,7). Prendergast *et al*., (2009:311) is van mening dat musiek en musiekmaak vir adolessente belangrik is.

### 5.2.3 Ontwikkeling

Die derde tema van die studie is *ontwikkeling*. Daar het twee kategorieë uit die tema voortgespruit, naamlik persoonlike ontwikkeling en ontwikkeling van vaardighede. Dit word vervolgens apart bespreek.

#### 5.2.3.1 Ontwikkeling: persoonlik

Persoonlike ontwikkeling is die eerste kategorie van ontwikkeling. Die deelnemers aan die studie is van mening dat hulle selfvertroue, selfbeeld, konsentrasie, uithouvermoë en kommunikasie verbeter het. Om dit te bevestig in die literatuur is daar heelwat outeurs wat oor die onderwerpe geskryf het, soos gesien kan word in tabel 2. Hanslick (1974:18), Robinson (1997:17), Ratner (1983:3) en Blacking (2000:98) beweer dat musiek 'n manier van kommunikasie en uitdrukking is en die emosies beïnvloed. Dit spreek die mens in totaliteit aan: liggaam, gees en verstand.

Die Drie Riviere Konservatorium het vele professionele musikante opgelewer wat behalwe regoor Suid-Afrika ook in lande soos Amerika, Europa, Engeland, Skotland en Dubai optree of musiekonderwysers of komponiste of uitvoerende kunstenaars is wat in orkeste speel en musiekterapeute is. Daar is ook leerders wat by die Drie Riviere Konservatorium musiekles geneem het wat weer terugkom na afloop van hulle musiekstudies om by die Drie Riviere Konservatorium as musiekonderwysers hulle passie uit te leef en ander kry poste as musiekonderwysers in ander dorpe en stede. "Music teachers consistently have been cited as a primary influence in individuals' decision to pursue a music teaching career" (Rickels *et al*., 2013:117). Daar word ook in dieselfde artikel beweer dat huidige orkeslede hulself as toekomstige afrigters van orkeste sien (Rickels *et al*., 2013:120). Pitts (2012:89,92,114) beweer dat leerders hulle musiekonderwysers met deernis onthou, hulle rolmodel is en hulle voorbeeld volg wat musiekaktiwiteite betref, asook hulle selfvertroue help bou. Vir Elliott en Silverman (2014:12) en Morrison (2008:166) is dit

belangrik dat die onderwyser wat die leerder onderrig in musiek ook begrip vir haar menswees moet hê. Om in die orkes te speel verryk die leerders se lewe en gee hulle geleenthede wat hulle nie andersins sou kry nie.

#### 5.2.3.2 Ontwikkeling: vaardighede

Ontwikkeling van vaardighede het as die tweede kategorie van ontwikkeling voortgevloei. Orkeslede het ervaar dat hulle vaardighede soos bladlees en gehoor, asook die vermoë om hulle tyd sinvol te benut verbeter het deur in die orkes te speel. Dit word bevestig deur Pitts (2012:114) en Clarke *et al.* (2010:140,158).

Die klankopnames wat die orkes maak, die eenvormige kleredrag, gefokusde oefenskedule asook die waarde van 'n oefenkamp en 'n afsluitingseremonie word bevestig deur Ryan (2009:46,77). Dit word beaam deur die orkeslede. Die oefenskedule sluit aan by tema 5 van dissipline, omdat dit die positiewe gedrag van die orkeslede bevorder.

Die finansiële ondersteuning van orkeslede ten opsigte van orkesdrag, orkeskampe en musiekonderrrig is vir Kartomi (2012:861), Young (2010:101), Ryan (2009:84) en Morrison (2008:166) belangrik. Die orkeslede geniet die orkeskampe en toere terdeë en sommige van hulle het finansiële hulp nodig, maar is baie skaam om dit te erken. Die dirigent wat nou saam met die leerders werk weet van die gevalle en bied die nodige hulp aan deur van die borge, die "board of patrons" (Human & Ahlers, 2009:13) gebruik te maak.

### 5.2.4 Negatiewe ervaringe

Die vierde tema van hierdie studie is die *negatiewe ervaringe* wat orkeslede in die Con Amoré-orkes beleef. Negatiewe ervaringe is dat orkeslede moeg raak tydens oefeninge omdat hulle aan te veel buitemuurse aktiwiteite deelneem en hulle dus ’n baie besige program het. Wanneer hulle aanvanklik by die orkes aansluit was hulle skaam en teruggetrokke omdat hulle nog nie die orkes-opset en die mede-orkeslede geken het nie. Orkesleiers beleef dit as negatief as orkeslede nie vir hulle wil luister nie. Die literatuurstudie wat gedoen is beskryf Human (2012:3) en Sorenson (2007:21) dat die oudisieproses ’n negatiewe ervaring kan wees omdat dit baie traumaties vir ’n orkeslid is om ’n oudisie af te lê.

### 5.2.5 Dissipline

*Dissipline* is die vyfde tema van hierdie studie. Dit is ’n tema wat baie sterk na vore gekom het in die onderhoude met die orkeslede. Vir Du Preez (1983:147) is die handhawing van dissipline ’n belangrike saak. Ryan (2009:46) se aanmerkings oor die beplanning van oefensessies en optredes sluit aan by tema 3 wat sinvolle tydsbenutting voorstaan. Die leerders voel veilig as hulle weet wat beplan word en wat die reëls van die orkes is en dan weet hulle waarvoor hulle oefen en die opoffering doen. Die handhawing van dissipline is van groot waarde vir die ordelike verloop van die orkes oefeninge en optredes. Davidson en King (2004:112) is van mening dat die dirigent ook dissipline moet toepas deur presies vir die orkeslede te wys (“the gestures”) wat sy van hulle verwag wanneer sy dirigeer.

### 5.2.6 Genot

Die sesde en finale tema van hierdie studie is *genot*. Die “genot” belewing het telkemale by meeste van die orkeslede opgeduik. Hulle geniet verskeie fasette van deelwees van die orkes, anders sou hulle nie in die orkes wou wees nie. Volgens Du Preez (1983:150) is om deel te wees van die orkes ’n goeie vryetydsbesteding en Goodman (2002:165) beweer dat die orkes ’n verfrissende uitwerking op die orkeslede het. Morrison (2008:168) is van mening dat orkeslede die ervaring van musiekmaak geniet en Davidson en King (2004:109,110) onderstreep die belangrikheid van die balans tussen plesier en werk wat weer deel is van die tema dissipline.

## 5.3 Implikasies en beperkinge van die studie

Dirigente, orkesbestuurders en onderwysers wat jeugorkeste of ensembles afrig kan baat vind by hierdie inligting wat deur die navorsing verkry is. Deur te weet "wat" en "hoe" orkeslede se musiekervaringe is, kan orkeslede beter verstaan word en dra dit by tot die sukses van die groep. Akademici en navorsers wat in fenomenologie belangstel sal ook van die inligting sinvol kan gebruik.

Beperkinge van die studie is dat dit slegs op een orkes gedoen is. Die leerders kon hulself ook nie altyd duidelik uitdruk van presies hoe hulle voel nie.

## 5.4 Aanbevelings vir verdere studies

My voorstel is dat ŉ soortgelyke fenomenologiese studie gedoen word van verskillende professionele orkeste – die beskrywing van die orkeslede se musiekervaringe in die orkes. ŉ Verdere studie kan handel oor musiekonderwysers en hulle ervaringe om musiek aan te bied hetsy by ŉ skool of na-skoolsentrum. Die ervaringe van musiekonderwysers wat musiek as skoolvak vir die VOO (Verdere Onderwys en Opleiding) fase van graad 10 tot 12 aanbied asook die ervaringe van leerders wat musiek as een van hul skoolvakke neem kan ook nagevors word.

## 5.5 Afsluiting

Dit was vir my ŉ positiewe ervaring om die studie te kon doen. Ek het baie insig gekry in die orkeslede se gedeelde ervaringe en belewinge van die orkes. Na agt-en-twintig jare as musiekonderwyser en afrigter van ensembles is die wonderlikste woorde van oud-studente nog steeds: "Hallo, juffrou, hoe gaan dit met die musiek? Is juffrou nog al die tyd besig met musiek? Ek mis die orkes nog na al die jare. My kind neem ook nou musiekles en geniet dit baie." Daardie genot, betekenisvolheid en waardering van musiek wat oorgedra word van geslag tot geslag is vir my van onskatbare waarde en maak die vele jare van onderwyser-, begeleier-, afrigter- en dirigent-wees die moeite werd.

## BIBLIOGRAFIE

Australian Youth Orchestra. http://www.ayo.com.au/content/about/gjgmd4 Date of access: 6 Apr. 2014.

Belcher, J.D. & Haridakis, P. 2013. The role of background characteristics, music-listening motives, and music selection on music discussion. *Communication quarterly*, 61(4):375-396.

Berk, L.E. 2006. Child development. 7de uitg. USA, Pearson.

Bernard, R. 2009. Music making, transcendence, flow, and music education. *International journal of education and the arts*, 10(14):1-21.

Blacking, J. 2000. On musical behaviour. (*In* Scott. D.B., *ed*. Music, culture and society. Oxford: Oxford University Press. p. 97-99).

Bresler, L. 2010. Etnography, phenomenology and action research in music education. *Visions of research in music education*, 16(6):1-30.

Cape Cod Conservatory of Music & Arts. http://www.capecodconservatory.org/cape-cod-music-classes-youth-orchestra.asp Date of access: 6 Jan. 2014.

Caswell, M. 2007. The Toronto Youth Wind Orchestra. *Canadian Winds*, 6(1):5-8.

Clarke, E., Dibben, N. & Pitts, S. 2010. Music and mind in everyday life. Oxford: Oxford University Press.

Countryman, J. 2009. High school music programmes as potential sites for communities of practice-a Canadian study. *Music education research*, 11(1): 93-109.

Creswell, J.W. 2009. Research design: Qualitative, quantitive, and mixed methods approaches. Thousand Oaks, California: SAGE .

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. Thousand Oaks, California: SAGE .

Creswell, J.W. 2014. Research design: Qualitative, quantitive, and mixed methods approaches . Thousand Oaks, California: SAGE.

Davidson, J. 2002. Communicating with the body in performance. (*In* Rink, J., *ed*. Musical performance: a guide to understanding. Cambridge: Cambridge University Press. p. 144-152).

Davidson, J.W. & King, E.C. 2004. Strategies for ensemble practice. (*In* Williamson, A., *ed*. Musical excellence – Strategies and techniques to enhance performance. Oxford: Oxford University Press. p. 105-112).

Davidson, J. & Jordan, N. 2007. Private teaching and learning: an exploration of music instrument learning in the private studio, junior and senior conservatories. (*In* Breslerink. L., *ed*. International handbook of research in arts education. The Netherlands: Springer. p. 729-744).

Devroop, K. 2009. The effect of instrumental music instruction on disadvantaged South African students' career plans. *Musicus: a South African journal for music teaching*, 37(2):7-12.

Du Preez, W.P.J. 1983. Die skoolorkes as ko-kurrikulêre skoolaktiwiteit. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – MA.)

Elliott, D.J. 2012. Another perspective: Music education as/for artistic citizenship. *Music educators journal*, 99(21):21-27.

Elliott, D.J. & Silverman, M. 2014 Music, personhood, and eudaimonia: Implications for educative and ethical music education. *The journal for transdisciplinary research in Southern Africa.* 10(2):57-72.

European Union Youth Orchestra. http://www.euyo.org.uk/euyo-team Date of access: 6 Jan. 2014.

Friese, S. 2012. Qualitative Data Analysis with ATLAS.ti 7. New Delhi: Sage.

Friese, S. 2014. Qualitative Data Analysis with ATLAS.ti 7. New Delhi: Sage.

Goodman, E. 2002. Ensemble performance. (*In* Rink, J., *ed*. Musical performance: a guide to understanding. Cambridge: Cambridge University Press. p. 153-167).

Graneheim, U.H. & Lundman, B. 2004. Qualitative content analysis in nursing research: concepts, procedures and measures to achieve trustworthiness. *Nurse education today*, 24:105-112.

Groenewald, M. 2003. Die verband tussen musiekbeoefening en intelligensie. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – PhD.)

Hanslick, E. 1974. The beautiful in music – a contribution to the revisal of musical aesthetics. New York: Da Capo Press.

Hewitt, K. & Allan, A. 2012. Advanced youth music ensembles: experiences of, and reasons for, participation. *International journal of music education,* 31(3):257-275.

Higgins, L. 2007. Acts of hospitality: the community in community music. *Music education research*, 9(2): 281-292.

Hood, S.B. 2000. National youth orchestra turns 40. *Performing arts & entertainment in Canada,* 33(1):24-25.

Human, L. & Ahlers, D. 2009 Hoërskool Drie Riviere Conservatoire. For the love of music. Johannesburg: Big City Publishing.

Human, L. 2012. Music education in practice. Potchefstroom: NWU. (Module-MMus).

Human, L. 2012. Sjokoladeboks vol musiek-lekkernye. *Vereeniging Ster*: 3, 30 Okt–5 Nov.

Human, L. 2013. New leaders for Con Amoré orchestra. *Triangle Courier*, 2:19–22 Nov.

Hunt, J.G., Stelluto, G.E. & Hooijberg, R. 2004. Toward new-wave organization creativity: Beyond romance and analogy in the relationship between orchestra-conductor leadership and musician creativity. *The leadership quarterly*, 15:145-162.

Kartomi, M. 2012. Youth orchestras. (*In* McPherson. G.E. & Welch. G.F., *ed*. The Oxford handbook of music education. Volume 1. New York: Oxford University Press. p. 861-877).

Kokotsaki, D. & Hallam, S. 2007. Higher education music students' perceptions of the benefits of participative music making. *Music Education Research,* 9(1):93-109.

Kramer, L. 2002. Musical meaning – toward a critical history. Los Angeles: University of California Press.

Johannesburg Youth Orchestra Company. http://orchestracompany.org.za/about-us-3 Date of access: 6 Jan. 2014.

Laverty, S. M. 2003. Hermeneutic phenomenology and phenomenology: A comparison of historical and methodological considerations. *International Journal of Qualitative Methods, 2*(3):1-29. http://www.ualberta.ca/~iiqm/backissues/2_3final/pdf/laverty.pdf Date of access: 29 April 2014.

Lawson, S. 2003. Coping with teenagers. London: Sheldon Press.

Los Angeles Youth Orchestra. http://www.losangelesyouthorchestra.org/layo Date of access: 6 Jan. 2014.

Maree, K. 2011. First steps in research. Pietermaritzburg: Interpak Books.

McGillen, C. & McMillan, R. 2005. Engaging with adolescent musicians: lessons in song writing, cooperation and the power of original music. *Research studies in music,* 25(1):1-21.

McPherson, G.E. & Schubert, E. 2004. Measuring performance enhancement in music. (*In* Williamon, A., *ed*. Musical excellence – Strategies and techniques to enhance performance. Oxford: Oxford University Press. p. 61-82).

Merriam, S.B. 2009. Qualitative research: a guide to design and implementation. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Mertens, D.M. 2009. Transformative research and evaluation. New York: The Guilford Press.

Meyer, L.B. 1956. Emotion and meaning in music. Chicago: The University of Chicago Press.

Meyer, L.B. 1970. Music the arts and ideas – patterns and predictions in twentieth-century culture. Chicago: The University of Chicago Press.

Moerer-Urdahl, T., & Creswell, J. 2004. Using transcendental phenomenology to explore the "ripple effect" in a leadership mentoring program. *International Journal of Qualitative Methods, 3* (2):1-28. http://www.ualberta.ca/~iiqm/backissues/3_2/pdf/moerercreswell.pdf Date of access: 29 April 2014.

Morrison, R. 2014. Concert NYO/Roth Festival Hall. *The Times (United Kingdom),* 11, 22 Apr.

Morrison, S.J. 2008. Of school bands, orchestras and jazz ensembles. (*In* Campbell. P.S., *ed*. Musician & teacher: an orientation to music education. New York: W.W. Norton & Company. p. 165-186).

Moustakas, C. 1994. Phenomenological research methods. California: SAGE.

National Youth Orchestra of Great Britain. http://www.nyo.org.uk/index.php?joining-in/players/players/ Date of access: 6 Jan. 2014.

North West Youth Orchestra Concert Series Project. s.a. (Ongepubliseerde pamflet).

Pellegrino, K. 2010. The meanings and values of music-making in the lives of string teachers: exploring the intersections of music-making and teaching. Ann Arbor, Michigan: University of Michigan. (Dissertation – MMus.)

Pitts, S. 2012. Chances and choices: exploring the impact of music education. New York: Oxford University Press.

Ponchione, C. 2013. Exploring a metamorphosis: Identity formation for an emerging conductor. *Arts and humanities in higher education*, 12(2-3):181-193.

Prendergast, M., Gouzouasis, P., Leggo, C. & Irwin, R.L. 2009. A haiku suite: the importance of music making in the lives of secondary school students. *Music education research*, 11(3):303-317.

Ratner, L.M. 1983. The musical experience. Stanford: Stanford Alumni Association.

Rickels, D.A., Brewer, W.D., Councill, K.H., Frederickson, W.E., Hairston, M., Perry, D.L., Porter, A.M. & Schmidt, M. 2013. Career influences of music education audition candidates. *Journal of research in music education*, 61(1):115-134.

Robinson, J. 1997. Music and meaning. London: Cornell University Press.

Ryan, C. 2009. Building strong music programs: a handbook for preservice and novice music teachers. New York: Rowman & Littlefield Education.

Serino, T.K. 2006. Orchestra offers a chance to beat poverty. *The Weekender,* 10, 3 Dec.

Sherri, D. 2007. Dancing to the beat of a different drummer: the lived experiences of elementary school band teachers in urban Saskatchewan; a phenomenological inquiry. Canada: University of Regina. (Dissertation – MA.)

Simfonia Juventi Youth Orchestra Pro Arte Alphen Park. http://www.proarte.co.za/Patron.aspx Date of access: 6 Jan. 2014.

Small, C. 1998. Musicking – the meanings of performing and listening. Middletown: Wesleyan University Press.

Smith, J.A., Flowers, P., & Larkin, M. 2009. Interpretative phenomenological analysis. Theory, method and research. London: SAGE Publications.

Sorenson, B. 2007. Lessons learned in starting a community youth orchestra. *American music teacher,* 56(5):21-22.

Spies, B.M. & Groenewald, M. 2005. Musiek in diens van menslike kapasiteitsbou. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):412-421.

Thorsén, S. 2007. Sweden in play with South Africa: personal musical experiences in postcolonial perspectives. (*In* Akrofi, E., Smit, M. & Thorsén, S., *eds.* Music and Identity: transformation and negotiation. Stellenbosch: AFRICAN SUN MeDIA. p. 311-326).

Van Dyk, R.K. 1995. 'n Fenomenologiese ondersoek na die ervaring van musiek. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling – MA.)

Van Manen, M. 1990. Researching lived experience: human science for action sensitive pedagogy. Ontario: The Althouse Press.

Wayman, V.E. 2005. The meaning of the music education experience to middle school general music students. Arizona: University of Arizona. (Dissertation – PhD.)

Young, P.G. 2010. Enhancing the professional practice of music teachers: 101 tips that principals want music teachers to know and do. Maryland, USA: Rowman & Littlefield Publishers.

Zeserson, K. 2009. Musical collaborations with other adults. (*In* Evans, J. & Philpott, C., *ed*. A practical guide to teaching music in the secondary school. Oxford: Routledge. p. 82-90).

# BYLAES

## Bylae A: Toestemmingsbriewe

### A.1 Toestemmingsbrief van die orkeslid

HOËRSKOOL DRIE RIVIERE

KONSERVATORIUM

Hoërskool Drie Riviere
h/v Umgeni- and Sabie st
Drie Riviere
1929

Tel: 016 423 1590
Faks: 016 4540163
E-pos: forte@conserv.co.za
www. conserv.co.za

20-01-2013

<u>Navorsing oor die Con Amoré-orkes – 'n fenomenologiese studie</u>

Beste orkeslid

Die volgende inligting word gegee sodat jy kan besluit of jy wil deelneem aan bogenoemde studie.  Jy moet bewus wees dat dit jou vrystaan om te besluit om deel te neem of nie en jy mag enige tyd onttrek sonder dat dit jou verhouding met die Drie Riviere Konservatorium, enige van die onderwysers of met my sal benadeel.

Die doel van hierdie studie is om navorsing te doen oor die orkes en die orkeslede – hoe hulle dit ervaar om in die orkes te speel. Die navorsing is deel van die skripsie vir my MMus studie aan die Noordwes-Universiteit.

Data sal op verskillende maniere ingewin word. Daar sal video opnames gemaak word asook foto's geneem word terwyl die orkes oefen en optree. Onderhoude sal met die orkeslede gevoer word.

Moet asseblief nie huiwer om enige vrae te vra oor die studie voordat jy besluit om deel te neem nie of gedurende die studie nie. **Jou naam sal op geen manier met die navorsing verbind word nie** en jou identiteit is slegs aan die navorser, mev L Human, bekend.

Daar is geen risiko of ongemaklikheid wat met die studie gepaard gaan nie. Die verwagte voordele wat met jou deelname geassosieer word, is dat jy sal ervaar hoe kwalitatiewe navorsing gedoen word. Die navorsing behoort ook insae te gee oor orkeslede se belewing van hoe dit is om in ‘n orkes te speel.

Teken asseblief dat jy toestemming gee met die volle kennis oor die aard en doel van die prosedures. ‘n Kopie van die toestemmingsbrief sal vir jou gegee word.

Handtekening van die orkeslid Datum

Vriendelike groete



Me L Human

Departementshoof: Musiek

082 553 9673

## A.2 Toestemmingsbrief van die ouer

HOËRSKOOL DRIE RIVIERE

# KONSERVATORIUM

Hoërskool Drie Riviere
h/v Umgeni- and Sabie st
Drie Riviere
1929

Tel: 016 423 1590
Faks: 016 4540163
E-pos: forte@conserv.co.za
www. conserv.co.za

20-01-2013

Navorsing oor die Con Amoré-orkes – 'n fenomenologiese studie

Beste Ouer

Die volgende inligting word gegee sodat jy kan besluit of jou kind mag deelneem aan die bogenoemde studie. Jy moet bewus wees dat dit jou vrystaan om te besluit of jou kind mag deelneem of nie en hy/sy mag enige tyd onttrek sonder dat dit jou verhouding met die Drie Riviere Konservatorium, enige van die onderwysers of met my sal benadeel.

Die doel van hierdie studie is om navorsing te doen oor die orkes en die orkeslede – hoe hulle dit ervaar om in die orkes te speel. Die navorsing is deel van die skripsie vir my MMus studie aan die Noordwes-Universiteit.

Data sal op verskillende maniere ingewin word. Daar sal video opnames gemaak word asook foto's geneem word terwyl die orkes oefen en optree. Onderhoude sal met die orkeslede gevoer word.

Moet asseblief nie huiwer om enige vrae te vra oor die studie voordat jy besluit dat jou kind mag deelneem of nie en gedurende die studie nie. **Jou naam sal op geen manier met die navorsing verbind word nie** en jou en jou kind se identiteit is slegs aan die navorser, mev L Human, bekend.

Daar is geen risiko of ongemaklikheid wat met die studie gepaard gaan nie. Die verwagte voordele wat met jou kind se deelname geassosieer word, is dat hy/sy sal ervaar hoe kwalitatiewe navorsing gedoen word. Die navorsing behoort ook insae te gee oor orkeslede se belewing van hoe dit is om in 'n orkes te speel.

Teken asseblief dat jy toestemming gee met die volle kennis oor die aard en doel van die prosedures.  ‘n Kopie van die toestemmingsbrief sal vir jou gegee word.

________________________________ __________

Handtekening van die ouer Datum

Vriendelike groete



Me L Human

Departementshoof: Musiek

082 553 9673

## A.3 Toestemmingsbrief van die dirigent

HOËRSKOOL DRIE RIVIERE

# KONSERVATORIUM

Hoërskool Drie Riviere
h/v Umgeni- and Sabie st
Drie Riviere
1929

Tel: 016 423 1590
Faks: 016 4540163
E-pos: forte@conserv.co.za
www. conserv.co.za

10-08-2012

Navorsing oor die Con Amoré-orkes – 'n fenomenologiese studie

Beste mev X

Die volgende inligting word gegee sodat jy kan besluit of jy wil deelneem aan bogenoemde studie. Jy moet bewus wees dat dit jou vrystaan om te besluit om deel te neem of nie en jy mag enige tyd onttrek sonder dat dit jou verhouding met die Drie Riviere Konservatorium, enige van die onderwysers, orkeslede of met my sal benadeel.

Die doel van hierdie studie is om navorsing te doen oor die orkes en die orkeslede – hoe hulle dit ervaar om in die orkes te speel. Die navorsing is deel van die skripsie vir my MMus studie aan die Noordwes-Universiteit.

Data sal op verskillende maniere ingewin word. Daar sal video opnames gemaak word asook foto's geneem word terwyl die orkes oefen en optree. Onderhoude sal met die orkeslede gevoer word. **Die orkeslede se name sal op geen manier met die navorsing verbind word nie** en hulle identiteite is slegs aan die navorser, mev L Human, bekend.

Moet asseblief nie huiwer om enige vrae te vra oor die studie voordat jy besluit om deel te neem nie of gedurende die studie nie. Ek vra jou toestemming dat ek jou naam mag gebruik in die studie, omdat jy vir soveel jare die dirigent is en ek die geskiedenis van die orkes beskryf waarvan jy deel is.

Daar is geen risiko of ongemaklikheid wat met die studie gepaard gaan nie. Die verwagte voordele wat met jou deelname geassosieer word is dat jy sal ervaar hoe kwalitatiewe

navorsing gedoen word.  Die navorsing behoort ook insae te gee oor orkeslede se belewing van hoe dit is om in ‘n orkes te speel.

Teken asseblief dat jy toestemming gee met die volle kennis oor die aard en doel van die prosedures.  ‘n Kopie van die toestemmingsbrief sal vir jou gegee word.

_______________________________ ________

Handtekening van die dirigent Datum

Vriendelike groete



Me L Human

Departementshoof: Musiek

082 553 9673

## A.4 Toestemmingsbrief van die skoolhoof

HOËRSKOOL DRIE RIVIERE

KONSERVATORIUM

Hoërskool Drie Riviere
h/v Umgeni- and Sabie st
Drie Riviere
1929

Tel: 016 423 1590
Faks: 016 4540163
E-pos: forte@conserv.co.za
www. conserv.co.za

15-01-2013

<u>Navorsing oor die Con Amoré-orkes – 'n fenomenologiese studie</u>

Beste me Y

Die volgende inligting word gegee om jou toestemming te vra tot die bogenoemde studie, wat sal plaasvind by Hoërskool Drie Riviere.

Die doel van hierdie studie is om navorsing te doen oor die orkes en die orkeslede – hoe hulle dit ervaar om in die orkes te speel. Die navorsing is deel van die skripsie vir my MMus studie aan die Noordwes-Universiteit.

Data sal op verskillende maniere ingewin word. Daar sal video opnames gemaak word asook foto's geneem word terwyl die orkes oefen en optree. Onderhoude sal met die orkeslede gevoer word.

Jy is welkom om enige tyd vrae te vra oor die studie voordat jy jou toestemming gee. **Jou naam sal op geen manier met die navorsing verbind word nie** en jou identiteit is slegs aan die navorser, mev L Human, bekend. Dit sal nie jou verhouding met die Drie Riviere Konservatorium of enige van die onderwysers, orkeslede of my benadeel nie.

Daar is geen risiko of ongemaklikheid wat met die studie gepaard gaan nie. Die verwagte voordele van die studie is dat kwalitatiewe navorsing gedoen gaan word. Die navorsing behoort ook insae te gee oor orkeslede se belewing van hoe dit is om in 'n orkes te speel.

Teken asseblief dat jy toestemming gee met die volle kennis oor die aard en doel van die prosedures. ‘n Kopie van die toestemmingsbrief sal vir jou gegee word.

________________________________ ______________

Handtekening van die skoolhoof Datum

Vriendelike groete



Me L Human

Departementshoof: Musiek

082 553 9673

## Bylae B: Getranskribeerde onderhoude en kodering op die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram

By studieleier beskikbaar vir insae.

## Bylae C: Kodelys geneem uit die ATLAS.ti 7 rekenaarprogram

**Code-Filter: All**

______________________________________________________________________

HU: FASE 2 Nuutste Gedeelde ervaringe van orkeslede in die Con Amore orkes
File: [C:\Users\Leonie Huma...\FASE 2 Nuutste Gedeelde ervaringe van orkeslede in die Con Amore orkes.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2014-11-13 22:22:44

______________________________________________________________________

**BETEKENISVOLHEID**
**Betekenisvolheid_behoort**
**Betekenisvolheid_behoort vir altyd**
**Betekenisvolheid_behoort_deel van die groep**
**Betekenisvolheid_droom waar geword**
**Betekenisvolheid_erkenning**
**Betekenisvolheid_inleef in musiek**
**Betekenisvolheid_musiek identiteit**
**Betekenisvolheid_musiekonderwysers word waardeer**
**Betekenisvolheid_saamwees**
**Betekenisvolheid_toekomsvisie_geleenthede gekry**
**Betekenisvolheid_toekomsvisie_musiekonderwyser in wording**
**Betekenisvolheid_toekomsvisie_musikant in wording**
**Betekenisvolheid_trotsheid**
**Betekenisvolheid_unieke talent**
**Betekenisvolheid_voornemende orkeslede motiveer**
**DISSIPLINE**
**Dissipline_beplan optredes**
**Dissipline_inneem van selfone**
**Dissipline_leiers_leiers doen hul werk goed**
**Dissipline_leiers_leiers gee instruksies**
**Dissipline_leiers_leiers verwys probleme na juffrou/tannie**
**Dissipline_leiers_leiers word sterker**
**Dissipline_leiers_orkeslede respekteer leiers**
**Dissipline_luister en leer**
**Dissipline_ordelik**
**Dissipline_reels**
**Dissipline_respek**
**Dissipline_roetine_kamp se oefenroetine**
**Dissipline_selfdissipline**
**Geniet_geniet die tipe musiek**
**Geniet_geniet om in orkes te speel**
**Geniet_geniet om voor gehoor te speel**
**Geniet_geniet orkeskampe**
**Geniet_geniet orkeskampe en orkestoere**
**Geniet_goedvoel**
**Geniet_goeie ervaring**
**Geniet_ontspanning**
**Geniet_orkes het lekker atmosfeer**
**Geniet_positiewe houding**
**Geniet_saam musiekmaak**
**Geniet_sosialisering_speel speletjies met tennisbal**
**Geniet_voel energiek**
**GENOT**
**Negatief_aktiwiteite te veel**
**Negatief_dissipline_leiers haat dit om dissipline in orkes self toe te pas**
**Negatief_dissipline_luister nie**
**Negatief_dissipline_orkeslede respekteer nie leiers nie**

**Negatief_kamp_vroeg opstaan nie lekker nie**
**Negatief_kennis_gebrek aan kennis**
**Negatief_kennis_musikant is nie volleerd nie**
**Negatief_musiek - nuwe tipe met sterk ritme**
**Negatief_musiekonderwysers - vind jy aanklank of nie**
**Negatief_ouers weet nie hoe leerders musiek moet oefen nie**
**Negatief_sosiaal_skaam en teruggetrokke**
**Negatief_sosiaal_voel soms uitgelaat**
**Negatief_stem nie saam met 1 reel van orkes nie**
**Negatief_uitputtend_soms moeg na orkesoefening**
**Negatief_uitputtend_uitputtende oefeninge**
**Negatief_uitputtend_voel af en nie lekker nie**
**NEGATIEWE ERVARINGE**
**OMGEE**
**Omgee_altyd daar vir mekaar**
**Omgee_bestaande orkeslede help nuwe orkeslede met bladmusiek**
**Omgee_leiers_gee hulp aan orkeslede**
**Omgee_musiekonderwysers se aanmoediging**
**Omgee_orkeslede soos 'n familie**
**Omgee_ouer se aanmoediging**
**Omgee_ouer se musiekagtergrond en voorbeeld motiveer**
**Omgee_saam gesels**
**Omgee_saam grootword**
**Omgee_vertroue**
**Omgee_voel welkom**
**Omgee_vorm vriendskapsbande**
**ONTWIKKELING**
**Ontwikkeling_persoonlik_emosie bevorder skeppingsdrang**
**Ontwikkeling_persoonlik_emosie ekspressie**
**Ontwikkeling_persoonlik_emosies verander**
**Ontwikkeling_persoonlik_fisies_uithouvermoe**
**Ontwikkeling_persoonlik_fisiese ontwikkeling**
**Ontwikkeling_persoonlik_fisiese voorkoms verbeter**
**Ontwikkeling_persoonlik_goeie interpersoonlike verhoudinge**
**Ontwikkeling_persoonlik_goeie selfbeeld**
**Ontwikkeling_persoonlik_harde werk die moeite werd**
**Ontwikkeling_persoonlik_kennis brei uit**
**Ontwikkeling_persoonlik_kommunikasie**
**Ontwikkeling_persoonlik_konsentrasie verbeter**
**Ontwikkeling_persoonlik_kruip uit hul dop**
**Ontwikkeling_persoonlik_leierseienskappe**
**Ontwikkeling_persoonlik_organiseer eie lewe beter**
**Ontwikkeling_persoonlik_orkes kweek volharding**
**Ontwikkeling_persoonlik_selfgemotiveerd**
**Ontwikkeling_persoonlik_selfvertroue verbeter**
**Ontwikkeling_persoonlik_sosiale vaardighede**
**Ontwikkeling_persoonlik_verbetering van skoolpunte**
**Ontwikkeling_persoonlik_verskillende kulture**
**Ontwikkeling_persoonlik_verstaan beter**
**Ontwikkeling_persoonlik_volharding deur oefening**
**Ontwikkeling_vaardighede_ander instrument leer bespeel**
**Ontwikkeling_vaardighede_asemhaling verbeter**
**Ontwikkeling_vaardighede_begin onder en werk jou op in die orkes**
**Ontwikkeling_vaardighede_bladlees verbeter**
**Ontwikkeling_vaardighede_eie instrument wat bespeel word**
**Ontwikkeling_vaardighede_fout maak en speel aan**
**Ontwikkeling_vaardighede_gehoorontwikkeling**
**Ontwikkeling_vaardighede_herhaal tot jy dit regkry**

**Ontwikkeling_vaardighede_leer om te luister na musiek**
**Ontwikkeling_vaardighede_musiekagtergrond - blokfluit lesse**
**Ontwikkeling_vaardighede_sinvolle tydsbenutting**
**Ontwikkeling_vaardighede_spel verbeter**